

Portugese belange te verdedig, terwyl mans hulle eerder deur hulle kop laat lei.¹³¹ Volgens Engelenburg was Rhodes jaloers oor die feit dat mev. Koopmans-De Wet bevriend was met Tito de Carvalho, die Portugese direkteur van die ministerie van kolonies, waarop Engelenburg Rhodes aangeraai het om ook vriendskapsbande met die invloedryke mev. Koopmans-De Wet aan te knoop. Alles het grappenderwyse gebeur, maar tog het Rhodes sy spyt uitgespreek omdat hy nie vroeër as by 'n ete wat die Vrystaatse president F.W. Reitz (1844-1934) kort tevore aangebied het, met haar kennis gemaak het nie.¹³² Engelenburg het die konferensie benut om Rhodes en sy aanhangers van nader te leer ken. Engelenburg het gemeen dat as dit waar was dat Rhodes 'n "Israeliet" was, hy bly sou wees, want volgens hom het "Israeliete" geen nasionaliteitsgevoel gehad nie. Eintlik was Rhodes die hoofpersoon gedurende die konferensie.¹³³

Gedurende die konferensie het J.W. Leonard, lid van die Britse Geheime Raad, Britse onderdaan en volgens Engelenburg 'n ywerige imperialis en welbekende advokaat van Johannesburg, 'n toespraak gelewer waarin hy in die openbaar verklaar het dat hy graag sou wou sien dat Brittanje op land en ter see sou oorwin en oor al sy vyande triomfeer. Hy het geweier om Transvaal as 'n staat te erken en het ook nie die reg van Transvaal erken om in Suid-Afrika op te tree as 'n heeltemal selfstandige staatsgemeenskap nie. Engelenburg het Leonard afgemaak as 'n praatsieke sensasieliefhebber wat versot was op die goedkeurende toejuiging van die "domme menigte".¹³⁴

Die Leonard, Q.C., is ook een mooi exemplaar! Hoewel hij dronken was, toen hij zijn beruchte speech hield, heb ik hem toch duchtig trachten onder handen te nemen, want juist zijn opgewonden toestand heeft hem openhartig gemaakt en in zijne kaarten laten zien.¹³⁵

Hy het Leonard se toespraak skerp veroordeel en het gemeen dat sy insigte volkome sou pas in die brein van iemand wat nog nooit in Suid-Afrika was nie en die land slegs deur middel van boekies leer ken het; of in die brein van iemand wat die Suid-Afrikaanse toestande vroeër geken

¹³¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 20.03.1890.

¹³² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 20.03.1890.

¹³³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 28.03.1890.

¹³⁴ Redaksionele kommentaar, "Groot-Brittanje vs. de Zuid-Afrikaansche Republiek", *De Volksstem*, 21.04.1890.

¹³⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 28.03.1890.



Illustrasie 12: Cecil John Rhodes. Bron: *An African adventure: A brief life of Cecil Rhodes* deur K. Shillington, (J.W. Arrowsmith Ltd., Bristol, c. 1994).



Illustrasie 13: Henry Brougham Loch. Bron: Anon., "Henry Loch 1st Baron Loch", http://en.wikipedia.org/wiki/Henry_Loch_1st_Baron_Loch, (geraadpleeg op 10.02.2014).

het, maar die laaste tiental jare in die buiteland gewoon het sonder om ooit weer iets van Suid-Afrika te verneem.¹³⁶ Tydens die konferensie is nie veel bereik nie en Engelenburg het in *De Volksstem* berig dat die samekoms tussen die drie hoofpersone van die Suid-Afrikaanse politiek nietemin belangrik was, ook al is die uitkoms daarvan nie dadelik tasbaar gemaak in lywige ooreenkomste en traktate nie.¹³⁷

Ná die konferensie by Blignautspont het Engelenburg Oos-Transvaal en Mosambiek besoek, waar hy malaria opgedoen het. Eers het hy homself probeer gesond maak, maar teen 21 April 1890 was hy baie siek. Toe die siekte ernstig begin word, is hy op aandrang van die dokter in die hospitaal opgeneem,¹³⁸ waar hy 'n paar weke moes deurbring.¹³⁹ Ná sy ontslag uit die hospitaal op 30 Mei¹⁴⁰ het Engelenburg sy werksaamhede by die koerant voortgesit. Gedurende dié tyd het hy berig ontvang dat sy vader se tweede vrou¹⁴¹ die lewe aan 'n seuntjie geskenk het.¹⁴² Die baba is op 24 Junie 1890 in Apeldoorn gebore en sy name was Frits Vredenburg Engelenburg. Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf:

Ik weet niet wat daarvan te denken; om u eerlijk de waarheid te zeggen laat die vermeerdering van familie me tamelijk onverschillig.¹⁴³

Daar was 'n tyd en omstandighede dat so iets hom baie sou interesseer, maar die afgesonderdheid waarin hy hom bevind het, met 'n gevoel dat hy verlate en alleen gestaan het, het hom dikwels gevang. Toe hy siek gelê het, het hy eers goed besef hoe weinig die lewe hom nog bekoor het en

¹³⁶ Redaksionele kommentaar, "Britsch, Zuid-Afrikaansch, Transvaalsch", *De Volksstem*, 24.03.1890.

¹³⁷ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 17.03.1890.

¹³⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 17.05.1890.

¹³⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 15.05.1890.

¹⁴⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 30.05.1890.

¹⁴¹ Engelenburg se vader is in 1887, toe hy nog student aan die Universiteit van Leiden was, finaal van Engelenburg se moeder geskei. Minder as 'n jaar na die egskeiding, in Januarie 1888, is sy vader getroud met 'n vrou wat so oud soos Engelenburg was. Engelenburg was toe 24 jaar oud.

¹⁴² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.08.1890.

¹⁴³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.08.1890.

dat hy nie net in die wêreld was om van soggens tot snags koerante te lees en om te skryf nie.¹⁴⁴ Vier maande nadat hy malaria opgedoen het, het sy gesondheid sodanig verbeter dat hy aan Marie Koopmans-De Wet kon skryf dat sy liggaamlike gesondheid uitmuntend was.¹⁴⁵

As jong man het Engelenburg die sosiale afsondering wat sy veeleisende werk meegebring het, begin voel. Van meer intieme vriendskappe of huishoudelike meelewing was daar nie sprake nie. Op sy leeftyd en met sy geaardheid het hy nie meer dadelik vriende gemaak nie. Die weinige mense wat hom wel plaaslik aangestaan het, het hom egter geïnteresseer omdat hy hulle

als specimens van het Zuid-Afrikaans ras of van welk ander ook, beschouw¹⁴⁶

het, meer as wat hy behoefte aan hulle geselskap gehad het. Die veeleisende werk by die koerant het hom sodanig vermoei dat hy bevrees was dat hy binne 'n paar jaar “een oud mannetje te zijn geworden” met geen ander herinnering as dat hy ook so 'n bietjie geknutsel het aan die wording van Suid-Afrika nie.¹⁴⁷ Hoe langer hy in Suid-Afrika gewoon het, hoe onverskilliger het hy teenoor Europa geword. Nie dat hy nie baie graag sy bloedverwante en vriende sou wou sien nie, maar om weer in Nederland te moes lewe het hom by die dag minder aangestaan. “Alleen de gedachte aan het gure klimaat en de kleingeestigheid daarginder geeft mij al kippenvel”.¹⁴⁸ Met Marie Koopmans-De Wet kon Engelenburg alles bespreek. Sy en haar suster, Miss Margaret,¹⁴⁹ was van die weiniges met wie hy openhartig oor familieaangeleenthede kon praat en oor sy planne en teleurstellings. In sy afgesonderde lewe in Transvaal het hy die waarde besef van sy tante se simpatie en belangstelling in sy doen en late.¹⁵⁰ Engelenburg het dus reeds van 1894 'n transformasie na 'n Suid-Afrikaanse identiteit deurgemaak. Terselfdertyd het hy ook 'n versugting – maar in mindere mate – na die Nederlandse kultuur gehad.

¹⁴⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.08.1890.

¹⁴⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 22.09.1890.

¹⁴⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.03.1890.

¹⁴⁷ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 28.03.1890.

¹⁴⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 10.08.1891.

¹⁴⁹ Miss Margaret de Wet was Marie Koopmans-De Wet se suster.

¹⁵⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.01.1894.

Hofmeyr en Smuts se besoek aan Pretoria

Engelenburg het skaars van die malaria-aanval herstel toe hy berig gekry het van die voorgenome besoek van J.H. Hofmeyr aan Pretoria en die daarmee gepaardgaande beraadslaginge met die regering oor die hangende sake met betrekking tot Swaziland.¹⁵¹ Rhodes en Loch het alles in hulle vermoë gedoen om 'n ooreenkoms met Kruger aan te gaan en het Hofmeyr as afgesant na Pretoria gestuur om hom te oorreed. Hofmeyr en die twintigjarige Jan Smuts het vroeg in Julie 1890 in Pretoria aangekom. Engelenburg het Smuts 'n paar maande tevore by Marie Koopmans-De Wet aan huis in Kaapstad ontmoet. Tydens hulle besoek aan Pretoria het Engelenburg heelwat met Smuts en Hofmeyr te doen gekry.¹⁵² Hy het die bedoelinge van die twee nie vertrou nie en sy vrese is bewaarheid toe Hofmeyr met die sogenaamde Swaziland-konvensie vorendag gekom het. Die konvensie het daarvoor voorsiening gemaak dat die ZAR 'n sogenaamde protektoraat oor Swaziland en soewereine regte oor 'n strook land van hoogstens drie myl (4,8 km) breed na Kosibaai sou verkry. In ruil daarvoor moes die ZAR tot die tolunie tussen Natal, die Kaapkolonie, die Oranje-Vrystaat, Betsjoeanaland (tans Botswana) en Basoetoland (tans Lesotho) toetree. Volgens die Pretoria-konvensie van 1881 moes die ZAR grond aan sy westelike grens afstaan en is Swaziland onafhanklik van Transvaal verklaar. Hoewel die ZAR grootliks vry was wat sy binnelandse sake betref, het die Britse regering sy soesereiniteit behou met betrekking tot die ZAR se buitelandse sake.¹⁵³ Die Londense Konvensie van 1884 het die ZAR verder ingeperk sodat geen ooreenkomste met swart stamme oos of weswaarts aangegaan kon word sonder toestemming van die Britse koning nie. Swaziland het sy onafhanklikheid behou en die Britse regering sy soesereiniteit oor die ZAR.¹⁵⁴ Nadat goud in 1886 aan die Witwatersrand ontdek is, het Brittanje baie van sy aandag op die ZAR gerig. Hofmeyr het tydens sy besoek aan Pretoria in 1890 daarop aangedring dat die ZAR sy aanspraak

¹⁵¹ Redaksionele kommentaar, "Wat nu?", *De Volksstem*, 03.07.1890.

¹⁵² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 04.07.1890.

¹⁵³ N.G. Garson, "The Swaziland question and a road to the sea, 1887-1895" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 20(2), 1957, p. 279; Sien ook S.J.P. Kruger (F. Rempel (red.)), *Gedenkskriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 102-103.

¹⁵⁴ N.G. Garson, "The Swaziland question and a road to the sea, 1887-1895" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 20(2), 1957, pp. 279-282; Sien ook S.J.P. Kruger (F. Rempel (red.)), *Gedenkskriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 112.

op die gebied ten noorde en weste van sy landsgrense laat vaar en die Britse regering help om sy gesag daar te vestig.¹⁵⁵ 'n Buitengewone gevoel van teleurstelling was te bemerk by almal wat by die onderhandelinge teenwoordig was. Die konvensie het in werklikheid niks opgelos nie. Engelenburg het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat Hofmeyr as 'n verraaier van die Republiek beskou word

en ik geloof dat zijn gedrag niet zal hebben meegewerkt om vriendschap te versterken tusschen de Kolonie en de Transvaal.¹⁵⁶

Met Smuts het Engelenburg hom heelwat bemoei. Hy het op Engelenburg 'n aangename indruk gemaak. Laasgenoemde het dit jammer gevind dat Hofmeyr nie 'n beter en voordeliger traktaat vir die ZAR kon beding nie.¹⁵⁷

Nieteenstaande die feit dat die Swaziland-konvensie as 'n vernedering vir die ZAR-regering beskou is, het die regering besluit om dit te aanvaar. Kruger het eindelijk toegegee nadat hy Hofmeyr se skriftelike versekering ontvang het dat die Britse regering later sy oostelike aansprake gunstiger sou oorweeg. Kruger was nou bereid om tot 'n tolverbond toe te tree en die verlenging van die Kaapse en Natalse spoorlyne na Johannesburg toe te laat.¹⁵⁸ Die konsepkonvensie is op 2 Augustus 1890 deur Kruger onderteken¹⁵⁹ en op 4 Augustus deur die Volksraad gekondoneer.¹⁶⁰ Vir Engelenburg was dit swaar om oor die Swaziland-ooreenkoms te skryf en het telkens die papier opgeskeur waarop hy probeer het om sy gedagtes weer te gee, want

¹⁵⁵ Redaksionele kommentaar, "De Swaziland-conventie", *De Volksstem*, 07.08.1890.

¹⁵⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 04.07.1890.

¹⁵⁷ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 04.07.1890.

¹⁵⁸ S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 130.

¹⁵⁹ NASA, Pretoria, ZAR, Amptelike Publikasies, vol. 91, Groen Boek, 1/1890, Swaziland-ooreenkoms, 3.8.1890. Sien ook S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 130. Van die Britse belofes het niks gekom nie, behalwe 'n soort Transvaalse protektoraat oor Swaziland, maar eers nadat Brittanje in 1895 die gebied tussen Swaziland en die see deur anneksasie in besit geneem het.

¹⁶⁰ F.V. Engelenburg, "De Swaziland Conventie", *Bijvoegsel tot "De Volksstem"*, 04.08.1890. (Die skryfwyse van die titel "De Swaziland Conventie" in *De Volksstem* is in die opvolgende artikels afgewissel met "De Swaziland-conventie".

... het kost moeite te verbergen hoe grievend de lezing der Concept-conventie voor ons geweest is ...

Hy het selfbeheersing nodig gehad om nie sy “vuist te ballen”¹⁶¹ en met teësin aan die staatstuk te dink nie, wat as’t ware ’n deurlopende reeks van beledigings vir die gemeenskap van die ZAR bevat het. As die sogenaamde “oplossing” van die Swaziland-kwessie nie so ernstig was nie, sou hy nouliks die drang kon weerstaan om die konvensie bespotlik te maak en om te probeer om die publiek aan die lag te maak oor die snaakse bepalinge daarin. Hy het gemeen dat dit nie moontlik was om die redes haarfyn te verskaf waarom die regering aan die min of meer buitensporige eise toegegee het wat die Britse regering aan die ZAR gestel het nie. Volgens hom was die eise soortgelyk aan dié wat ’n oorwinnaar ná die beëindiging van ’n oorlog aan die verloorde sou stel. Die Kruger-regering “hebben gevraagd om brood en men heeft ons steenen gegeven!”¹⁶² Hy het sy lesers gevra om in die ooreenkoms te berus. Landsbelang het dit geëis.¹⁶³

Nadat Transvaal se hoop op Kosibaai verydel is, was Delagoabaai die enigste nie-Britse hawe wat aan die ZAR die moontlikheid gebied het om die wurggreep van die imperialistiese omsingelingsbeleid af te skud en ekonomies onafhanklik te bly.¹⁶⁴ Die ZAR-regering het daarna sy volle aandag aan die ontwikkeling van die Oosterspoorlyn van Pretoria na Delagoabaai gegee. As lid van die NZASM-kommissie het Engelenburg in Oktober 1890 saam met lede van die kommissie, onder meer dr. Leyds, genl. Nicolaas Smit en S.W. Burger, gaan kyk hoe die bou van die spoorlyn vorder. Engelenburg het die reis beskryf as waarlik interessant:

... men spreekt zooveel menschen, ziet zooveel dingen en doet allerlei soort van ondervindingen op.¹⁶⁵

Nadat hulle hulle vergewis het van hoe die werk vorder, het die kommissie per skip van Lourenço Marques na Durban vertrek. In Durban het hulle die plaaslike regeringspoorweg besoek, asook die hawe. Hulle het ook suikerplantasies van die here Osborn en Campbell besoek

¹⁶¹ F.V. Engelenburg, “De Swaziland-conventie”, *De Volksstem*, 07.08.1890.

¹⁶² F.V. Engelenburg, “De Swaziland-conventie”, *De Volksstem*, 07.08.1890.

¹⁶³ F.V. Engelenburg, “De Swaziland-conventie”, *De Volksstem*, 07.08.1890.

¹⁶⁴ S.J.P. Kruger, (F. Rempel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedictieerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 141.

¹⁶⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 05.11.1890.

waar hulle na die masjinerie gaan kyk het en hoe suiker gemaak word. In Verulam het hulle gekyk hoe suikerplantasies aangelê word. 'n Dag of wat later het hulle die reis voortgesit na Dundee om 'n steenkoolmyn te besoek wat naby die spoorlyn was. Daar het hulle in die mynskag afgedaal. Die steenkool was van baie goeie kwaliteit, maar die rif was nie eens menshoogte dik nie. Gedurende die reis het Engelenburg vasgestel dat die skepe wat die Suid-Afrikaanse hawens binnegekom het, vol goedere daar aangekom, maar leeg of met waardelose sand gelaai, die hawens weer uitgevaar het.¹⁶⁶ Hy sou sy waarnemings hoogs waarskynlik met Leyds en die ander lede van die kommissie bespreek het. Engelenburg het weer die ZAR se ekonomiese vooruitgang in gedagte gehad toe hy daarop gewys het dat die ganse Transvaalse Hoëveld 'n oorvloed aan steenkool gehad het en dat die regering dit as 'n handelsartikel moes benut en na die buiteland uitvoer. Die spoorweg na Delagoabaai sou 'n belangrike faktor kon word om steenkool per trein na die see te vervoer, waar dit op die skepe gelaai kon word. Die land sou daardeur goeie buitelandse kapitaal kon verdien.¹⁶⁷ Hy het gemeen dat dit verkieslik sou wees dat die steenkoolindustrie in die hande van privaat inisiatief geplaas word en dat die regering in die beginjare slegs toesig daaroor moes hou en soveel bystand moontlik moes verleen, byvoorbeeld om die spoorwegtariewe so redelik moontlik te hou om die uitvoerder in staat te stel om met die buitelandse steenkoolpryse mee te ding.¹⁶⁸

Engelenburg het gewaarsku dat die bedrywighede in Lourenço Marques nie ongemerk by ander moondhede sou verbygaan nie en dat hulle die belangrikheid van Delagoabaai gou sou insien.¹⁶⁹ Hy het tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 sterk standpunt ingeneem teen alle buitelandse inmenging in die ZAR se sake. Hy het veral nie vir Rhodes vertrou nie en het gemeen dat Rhodes se voortdurende belangstelling in Delagoabaai 'n groot bedreiging vir die Republiek se belange in dié baai ingehou het.¹⁷⁰ Teen 1891 was die ZAR-gedeelte van die

¹⁶⁶ Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige steenkool-industrie I", *De Volksstem*, 15.12.1890.

¹⁶⁷ Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige steenkool-industrie I", *De Volksstem*, 15.12.1890.

¹⁶⁸ Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige steenkool-industrie II", *De Volksstem*, 18.12.1890.

¹⁶⁹ Redaksionele kommentaar, "Delagoabaai", *De Volksstem*, 09.10.1890.

¹⁷⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, subléer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 28.03.1890. Sien ook Redaksionele kommentaar, "Onvriendschappelijk", *De Volksstem*, 02.06.1891; en Redaksionele kommentaar, "Delagoabaai", *De Volksstem*, 09.10.1890.



Illustrasie 14: Aankoms van die eerste trein in Pretoria in 1894. Bron: Anon., *Eeufees van die Suid-Afrikaanse spoorweë/Centenary of the South African railways 1860-1960*, (Frier en Munro (Edms.) Bpk., Johannesburg, 1959).



Illustrasie 15: Pretoriastasie ongeveer 1899.

Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

Delagoabaai-spoorweg weens finansiële probleme wat die NZASM as gevolg van 'n krisis op die Europese geldmark ondervind het, nog nie voltooi nie. Dit het die werksaamhede aan die spoorlyn ernstig in die wiele gery. Die ZAR was verplig om in Desember 1891 die sogenaamde Sivewright-ooreenkoms tussen die NZASM en die Kaapkolonie goed te keur.¹⁷¹ Daarvolgens het die Kaapkolonie, in ruil vir finansiële hulp aan die NZASM om die bou van die Delagoabaai-spoorweg voort te sit, die reg verkry om hulle spoorweg na die Witwatersrand te verleng. Die ooreenkoms het meegebring dat die Rand in September 1892 per spoor met die Kaapse hawens verbind is, twee jaar voor die voltooiing van die Delagoabaai-spoorweg.¹⁷² Op Donderdag 15 September 1892 het die eerste trein van Kaapstad in Johannesburg aangekom. Nadat die possakke en pakkies op Parkstasie afgelaai is, het die trein na Pretoria vertrek. Die treintrokke uit die Kaap was getrek deur 'n lokomotief van die NZASM wat versier was met vlae.¹⁷³ Toe dit die stasie binnestoom, het 'n skare mense die trein op die perron ingewag. Dit was 'n groot gebeurlikheid wat groot opgewondenheid onder die gemeenskap veroorsaak het.¹⁷⁴ Die Natalse spoorlyn sou Johannesburg eers in 1895 bereik.¹⁷⁵ Engelenburg self het baie uitgesien na die voltooiing van die Kaap-Transvaal-spoorverbinding en voortaan sou hy gereeld na die Kaap reis.

Die Nederlanders en 'Hollanderhaat'

Die Boere-gemeenskap se probleme het nie by Brittanje se inmenging in die ZAR se sake, veral wat die Oosterspoorlyn en Delagoabaai betref, opgehou nie en ook nie by die Uitlanders op die Johannesburgse goudvelde nie. Daar was ook die Nederlandse immigrante wat sedert die jare tagtig en negentig na die ZAR gestroom het. Teen 1899 het ongeveer 5 000 tot 6 000 Nederlanders hulle reeds in Transvaal gevestig, van wie omtrent die helfte in Pretoria woonagtig

¹⁷¹ James Sivewright was die minister van kroonlande en publieke werke van die Kaapkolonie. Die bepaling in die Sivewright-ooreenkoms, dat die bedrag wat die Kaapse spoorwegadministrasie aan die NZASM moes uitkeer en bereken moes word volgens die maksimum-tariewe, het tot baie moeilikhede gelei. Kyk D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek (1872-1899)*, pp. 97, 100.

¹⁷² P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: geskiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-maatschappij*, deel II, pp. 127-129. Sien ook D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek (1872-1899)*, pp. 96-100; en P. Edwards, *Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899*, p. 53.

¹⁷³ *De Volksstem* maak nie melding watter vlae deur die NZASM gebruik is nie. Uit 'n foto wat van die gebeurtenis geneem is, kon ook nie vasgestel word watter vlae dit was nie.

¹⁷⁴ Redaksionele kommentaar, "De aankomst van de eerste trein te Johannesburg", *De Volksstem*, 17.09.1892.

¹⁷⁵ D.G. Franzsen en H.J.J. Reynders, *Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika*. Sien ook M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 348.

was.¹⁷⁶ Hoewel die getalle, gemeet aan die totale bevolking van die ZAR, betreklik klein was, was die Nederlandse element in Pretoria een van die grootste, sterkste en invloedrykste nie-Afrikaanse bevolkingsgroepe.¹⁷⁷ Die Afrikaners wat in opposisie met die Kruger-regering was, se afkeer van die Nederlanders het al hoe groter geword, veral teenoor diegene wat leidende funksies in die staatsdiens en onderwys begin beklee het. Persoonlike vetes in die politieke klimaat van Pretoria het ook sy tol geëis.¹⁷⁸ Dié antagonisme het ook na die NZASM uitgekring omdat die maatskappy gesien is as 'n "Hollanderbolwerk" en verlengstuk van die Kruger-administrasie. Die gemeenskap was derhalwe ook gekant teen die bou van die spoorlyn.¹⁷⁹ Engelenburg het dit op hom geneem om die publiek voortdurend op die hoogte te bring van die vordering van die werk, wetende hoe gekant baie teen die projek was. As 'n voorstander van ekonomiese vooruitgang het hy die gemeenskap in *De Volksstem* ingelig oor die ekonomiese voordele wat dit vir Transvaal sou inhou. Die klem het op spoorwegontwikkeling, die oopstel van nuwe spoorlyne en die ingebruikname van stasies geval, asook die in- en uitvoer van goedere.¹⁸⁰ Baie Afrikaners in Transvaal het die koms van die spoorweë teengestaan omdat hulle daarin die verpersoonliking van die duiwel gesien het. As die algemene godsdienstige en kerklike ingesteldheid van die Nederlandssprekende NZASM-personeel beskou word, was die boeregemeenskap volgens R.C. de Jong nie ver verkeerd nie.¹⁸¹ Die meeste Nederlanders wat aan die NZASM verbonde was, was afkomstig uit die groot stede in Wes-Nederland, waar kerklikheid minder sterk was as op die platteland en in die ooste van die land. Dit wil egter nie sê dat hulle ongodsdienstig of buitekerklik was nie. In 'n nuwe land en omgewing met 'n bevolking wat hulle oor die algemeen nie baie goedgesind was nie, en te midde van die vrye en ongebonde lewe het die kerklikheid (hoewel nie noodwendig die godsdienssin nie) by talle gaandeweg op

¹⁷⁶ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, pp. 44-45.

¹⁷⁷ R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918, p. 11.

¹⁷⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 28.03.1890.

¹⁷⁹ R.C. de Jong, Die lewensomstandighede en kulturele bydrae van die Nederlandse N.Z.A.S.M.-werknemers, 1887-1909, p. 191.

¹⁸⁰ Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige steenkool-industrie I", *De Volksstem* 15.12.1890; Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige steenkool-industrie II", *De Volksstem*, 18.12.1890.

¹⁸¹ R.C. de Jong, Die lewensomstandighede en kulturele bydrae van die Nederlandse N.Z.A.S.M.-werknemers, 1887-1909, p. 144.

die agtergrond geraak.¹⁸² Daar was wel diegene wat van huis uit ongelowig was, of mettertyd hulle godsdienstigheid verloor het. A. Westenberg en 'n sekere Breuning, wat by die NZASM werksaam was, het byvoorbeeld neergesien op die Boere se godsdienstige gebruike soos Nagmaal en het die spot gedryf met godsdien in die algemeen en die godsdienstigheid van die Boere in die besonder. Dit was onder meer hierdie gesindheid wat die Afrikaners die harnas in gejaag het teen die “goddelose Hollanders”. Tog was daar ook Nederlandse NZASM-werkers wat 'n aktiewe kerklike lewe gelei het.¹⁸³

Geen bewyse kon gevind word dat Engelenburg 'n gereelde kerkganger was of dat hy 'n baie godsdienstige persoon was nie. In 'n brief aan die Landdros van Pretoria, toe hy in 1895 aansoek gedoen het om burgerskap van die ZAR, het hy wel bekend gemaak dat hy:

... verklaar bij dezen tevens gedoopt en aangenomen te zijn bij een Protestants Kerkgenootschap, waartoe ik nog behoer.¹⁸⁴

Hy het wel by geleentheid kerkdienste bygewoon, byvoorbeeld in 1890, toe hy as lid van die NZASM-kommissie op pad was na Mosambiek en 'n diens in die huis van 'n NZASM-amptenaar bygewoon het.¹⁸⁵ Hy was ook kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 teenwoordig toe president Paul Kruger 'n kerkdiens gehou het.¹⁸⁶

Die feit dat Engelenburg nie 'n pos in die staatsdiens beklee het nie, het dié Afrikaners wat in opposisie met Kruger was, min geskeel. Omdat hy ook 'n Nederlander was en waarskynlik nie 'n gereelde kerkganger nie en omdat sy koerant, *De Volksstem*, boonop die mondstuk van die Kruger-regering was, moes hy meermale onder hulle skerp tonge deurloop.¹⁸⁷ Wat sy posisie by

¹⁸² R.C. de Jong, Die lewensomstandighede en kulturele bydrae van die Nederlandse N.Z.A.S.M.-werknemers, 1887-1909, pp. 144-145.

¹⁸³ R.C. de Jong, Die lewensomstandighede en kulturele bydrae van die Nederlandse N.Z.A.S.M.-werknemers, 1887-1909, p. 145.

¹⁸⁴ NASA, Pretoria, TAB, SS, 4946, verw. R7959/95, F.V. Engelenburg – Landdros, Pretoria, 15.08.1895.

¹⁸⁵ F.V. Engelenburg, “De Spoorweg-commissie door onzen Editeur”, *De Volksstem*, 10.11.1890.

¹⁸⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 22.08.1899.

¹⁸⁷ Anon., “Krugers ambtenaren”, *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., “Een staats financier”, *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., “Land en Volk en Volksmet”, *Land en Volk*, 01.03.1892; Anon., “Hollanders en de Transvaal”, *Land en Volk*, 26.01.1892; Anon., “Hollanders in dienst”, *Land en Volk*, 22.03.1892; Anon., “Dr.

die koerant betref, was hy steeds net 'n werknemer van dié koerant. Hy het vir die aandeelhouders gewerk en het die maatskappy se belange behartig, en moes dus “dansen naar de pijpen der aandeelhouders”.¹⁸⁸ Hulle het waarskynlik nie daarvan gehou dat hy sy eie standpunte ook in die koerant weergee nie. Hoewel hy goeie vriende met president Kruger en ander was, het hy geglo dat dit nie vir hulle sou saak maak of “een meneer Engelenburg dan wel een ander de Volkstem redigeert” nie.¹⁸⁹ Vir die publiek was alle Nederlanders vervangbare items.¹⁹⁰ Dit het die geskiedenis van dr. Jorissen¹⁹¹ en sovele ander bewys. Sodra iemand hom laat geld het, hetsy goed of sleg, kon hy hom gereed maak om “geslag” te word. Engelenburg het dikwels gevoel dat hy as “vreemdeling tusschen vreemdelingen verkeer”¹⁹² en dat hy sy verstandelike vermoëns verkrag het vir mense wat hom vir geen oomblik dankbaar was vir dit wat hy vir hulle probeer doen het nie. Om 'n Nederlandse joernalis in Suid-Afrika te wees was baie moeilik. Engelenburg het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat die “slegte” Nederlanders vyandig was omdat hy hulle nie wou steun nie, terwyl die Afrikaners eweneens sy teenstanders was omdat hy 'n Nederlander was. Hy het ook die gevoel gekry dat die Boere hom, dan nie vyandig nie, tog met argwaan of onverskilligheid behandel het. Die Engelse was hom ook nie geneë nie en het hom beskou as 'n natuurlike teenstander. Hy het hierdie intieme persoonlike sake net met Marie Koopmans-De Wet opgeneem en met niemand anders bespreek nie. Hy het haar dan ook versoek om dit as hoogs vertroulik en persoonlik te hanteer.¹⁹³

-
- Leyds”, *Land en Volk*, 26.04.1892; Anon., “Boeren”, *Land en Volk*, 16.02.1892; Anon., “Die Hollander Renbode”, *Land en Volk*, 16.02.1892; Anon., “Land en Volk en Volksmet”, *Land en Volk*, 22.03.1892.
- ¹⁸⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891.
- ¹⁸⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891.
- ¹⁹⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891. Engelenburg skryf Volkstem hier met een “s”
- ¹⁹¹ E.J.P. Jorissen was tot aan die einde van sy openbare loopbaan 'n strydvaardige en tegelyk ook strydlustige persoonlikheid. S.J. du Toit en ander het Jorissen in onguns by die Volksraad gebring, wat in sy afwesigheid uit Suid-Afrika geleë het tot sy ontslag as staatsprokureur van die ZAR. Nog onwetend van sy ontslag het hy in Engeland daarin geslaag om die Engelse regering oor te haal om 'n deputasie uit Transvaal te ontvang om oor die hersiening van die 1881-Konvensie te onderhandel. Kyk J. Ploeger, “Jorissen, Eduard Johan Pieter” in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, p. 354.
- ¹⁹² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891.
- ¹⁹³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891.

Engelenburg en die kerktwiste

Teen die einde van 1891 het Engelenburg dit sterk oorweeg om sy joernalistieke loopbaan vaarwel toe te roep. Marie Koopmans-De Wet en haar suster was weer eens die enigste persone met wie hy daaroor gepraat het omdat hy ná twee jaar nog nie hegte vriendskappe met persone in sy omgewing gesluit het met wie hy sy vrese en gedagtes kon deel nie. Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat 'n paar donker wolke in die tussentyd aan sy horison opgesteek het wat groot bekommernis veroorsaak het. Die twee wolke het gekom in die vorm van die Hervormde Kerk en die Spoorwegmaatschappij.¹⁹⁴ Die leier van die Hervormde Kerk was C.J. (Christiaan) Joubert, hoof van die ZAR se departement van mynwese, met wie Engelenburg toe reeds verskeie male onaangenaamhede beleef het. Verder was daar ds. M.J. Goddefroy (1848-1920). Engelenburg het gemeen dat beide persone gevind het dat *De Volksstem* nie genoeg aandag aan hulle belange gewy het nie, met die gevolg dat hulle probeer het om die beherende aandeel van *De Volksstem* te bekom. As dit sou slaag en daar oor die koopsom ooreengekom word, was die moontlikheid groot dat hulle Engelenburg vroeër of later uit die redakteurskantoor sou dryf. Engelenburg was egter versigtiger vir die NZASM. Die heer W. Verwey, wat hoofingenieur by dié maatskappy was, het na Nederland geskryf en gekla oor die onhulpvaardige houding van *De Volksstem* teenoor die maatskappy. Die meeste van die aandeelhouers van die maatskappy het in Nederland gewoon. Dat Engelenburg nie baie hulpvaardig was nie, het hy aan mev. Koopmans-De Wet erken. Die rede wat hy aangevoer het, was dat die maatskappy “door en door verrotte concern is”¹⁹⁵ en hy nie sy koerant wou gebruik om teen die waarheid in te gaan nie. Die enigste manier waarop hy met sy gewete sou kon saamleef, was om te swyg. Hy het nie geweet wat die aandeelhouers in Nederland sou besluit nie. Miskien sou hulle net eenvoudig sy ontslag bewerkstellig of miskien sou hulle wou dikteer hoe en wat hy in die toekoms in die koerant moes skryf, en dit sou hy natuurlik nooit kon verdra nie. Dalk sou niks van bogenoemde gebeur nie en kon hy sy gang gaan. Die hele aangeleentheid het Engelenburg baie laat nadink en hy het begin wonder of hy nie van beroep moes verander nie. In daardie stadium het hy reeds na Lourenço Marques geskryf vir meer inligting aangesien dit 'n plek was met 'n moontlike

¹⁹⁴ Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij.

¹⁹⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, subliër 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 10.11.1891.

toekoms. Hy het dit ook oorweeg of hy nie konsul van die ZAR of van Nederland of dalk van albei in die Kaap sou kon word nie.¹⁹⁶

Hy het teenoor Marie Koopmans-De Wet erken dat hy 'n paar briewe insake die konsulaatskap na Nederland gestuur het, onder andere aan die heer Beelaerts van Blokland en aan die minister van buitelandse sake. Hy het egter nie veel hoop op sukses gehad nie. Hy het vasgestel dat Nederland baie eise vir die pos gestel het. Volgens hom moes die kandidaat onder andere 'n huis in Kaapstad besit, 'n villa daarbuite, 'n vrou en 'n fortuin, dinge wat hom tot dusver nog nie beskore was nie.¹⁹⁷ Engelenburg het 'n paar weke later weer sy kommer teenoor Marie Koopmans-De Wet uitgespreek oor ontwikkelinge in die ZAR. Die Spoorwegmaatschappij was “in- en uitwendig verrot”,¹⁹⁸ die regering het fout op fout gemaak, die hoofdepartement was in vele gevalle die brandpunt van wanbestuur en immoraliteit, die hele administrasie van die land het verkeerd gegaan en die Boere het mekaar deur middel van hulle kerktwiste verniel. Dit alles het die taak van iemand wat dit goed met die Republiek bedoel het en van wie verwag is dat hy die Boere sou verdedig, soms erg bemoeilik.¹⁹⁹ Engelenburg was 'n onafhanklike denker en wou hom nie laat voorskryf wat hy in die koerant moes opneem nie. Hy het gemeen dat as *De Volksstem* geheel en al sy eiendom was, hy sou kon doen en skryf soos hy wou.

Die kerktwiste wat Engelenburg in sy brief aan Marie Koopmans-De Wet (hier bo) bedoel het, het vir die grootste deel van die 1890's tot groot onaangenaamhede in Transvaal gelei. Engelenburg was gesteld daarop om nooit, in die besonder waar dit godsdienstige gevoelens betref, aanstoot te gee nie.²⁰⁰ Hy het nie vyandig teenoor enige geloof gestaan nie en het

¹⁹⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 10.11.1891.

¹⁹⁷ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891.

¹⁹⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891.

¹⁹⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 29.11.1891.

²⁰⁰ C.L. Leipoldt, “Dr. Engelenburg – 'n waarderende beskouing” in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 42.

waarskynlik president Kruger se standpunt van godsdienstverdraagsaamheid gesteun. Om die vrede aan sy kant te bewaar, het hy dus neutraal teenoor die verskillende kerkgenootskappe gestaan. Tog het hy in *De Volksstem* die Transvaalse gemeenskap dikwels vermaan oor die voortdurende getwis, wat telkens gedreig het om die gemeenskap uitmekaar te skeur. Die kerkkwessie het egter 'n dieper oorsprong gehad, naamlik dat dit nou saamgehang het met die politieke groeperinge van die gemeenskap.

Ten spyte van die Transvaalse goudmynbou en industriële omwenteling ná 1886 het die politieke landskap in die ZAR onveranderd gebly. Dit was steeds op dieselfde lees geskoei as in die verlede, met geen formeel georganiseerde politieke partye nie. Hoewel klem gelê is op die deelnemende “volkswil” en verkiesings gereeld gehou is, was die praktiese werking van die republikeinse demokrasie beperk tot inherente teenstrydighede, byvoorbeeld die verering van sterk leiers en 'n tendens tot nepotisme en familieverbintnisse.²⁰¹ Paul Kruger, wat die traumatiese jare van broedertwis en verdeeldheid in Transvaal vóór die Britse anneksasie beleef het, was sterk gekant teen enige verdeling van die Transvaalse bevolking in afsonderlike partye. Nogtans het daar politieke groeperings onder die Afrikaners bestaan wat hoofsaaklik gespruit het uit kerklike en beleidsverskille.

In die 1890's was daar drie groeperinge te onderskei. Eerstens was daar die Kruger- of regeringsgroepering, wat hoofsaaklik bestaan het uit lede van die enkel Gereformeerde en die enkel Hervormde kerk en die Nederlanders. Die standpunt van dié groep was om Transvaal se onafhanklikheid as 'n staat deur 'n konserwatiewe en isolerende politiek te handhaaf.²⁰² Tweedens was daar die Joubert-groepering, gelei deur kommandant-generaal Piet Joubert (1834-1900). Dit is ook die progressiewe of “Afrikaansche” groep genoem en het hoofsaaklik bestaan uit lede van die verenigde kerk, immigrante uit die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat en 'n paar gematigde uitlanders. Die term “progressief” is deur 'n aantal bewegings in Suid-Afrika aangeneem. Die Progressiewe Party van die laat 1890's in die Kaapkolonie het in 1908 die Unionisteparty

²⁰¹ S. Swart, “An irritating pebble in Kruger’s shoe: Eugène Marais and *Land en Volk* in the ZAR, 1881-1896” in *Historia*, 48(2), November 2003, p. 67.

²⁰² Anon., “De drie politieke partijen”, *Land en Volk*, 22.11.1894.

geword. In 1891 was die Progressiewe beweging in die ZAR egter 'n groepering van individue wat 'n gemeenskaplike afkeer van die Kruger-regering gehad het. Daar was weinig sprake van 'n gestruktureerde politieke party.²⁰³ Die Progressiewe beweging van die 1890's wou Transvaal ook as 'n onafhanklike republiek handhaaf, maar het kans gesien om dit te doen deur 'n meer inklusiewe beleid ten opsigte van die ander Suid-Afrikaanse state en die Uitlanders op die Rand te bepleit.²⁰⁴ Die Joubert-groepering het krities teenoor die Kruger-Leyds-politiek gestaan en het met elke verkiesing probeer om Kruger en Leyds te ontsetel.²⁰⁵ Hulle was dan ook gekant teen die Nederlanders, wat volgens hulle al die regeringsposte ingepalm het.²⁰⁶ Derdens was daar die Engelse groepering, gevorm deur die meeste Uitlanders en 'n paar Transvalers wat ontevrede was met die Kruger-Leyds-regering en dit verander wou hê, selfs ten koste van Transvaal se onafhanklikheid.²⁰⁷ Die Kruger-aanhangers was egter so sterk in die meerderheid in die

²⁰³ R.K. Loveday (1854-1910), eerste Volksraadslid vir Barberton, was byvoorbeeld bekend om sy progressiewe en liberale benadering tot die sake van die dag en was 'n sterk teenstander van die konsessiestelsel wat so algemeen in die ZAR toegepas is. Hy het sy stem goed in die Volksraad laat hoor en het alle konsessies en monopolieë sterk geopponeer. Kyk J.J.N. Cloete, "R.K. Loveday" in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 501. Ewald Esselen (1858-1918), lid van die Eerste Volksraad vir Potchefstroom, het as politieke teenstander van Kruger opgetree omdat hy simpatiek teenoor die griewe van die Uitlanders in Johannesburg gestaan het. Hy was gekant teen die groot aantal Nederlanders wat hoë posisies beklee het, en teen die finansiële beleid van die regering. Kyk P.H. Kapp, "Esselen, Ewald August" in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 263. Lucas Meyer (1846-1902), lid van die Eerste Volksraad vir Utrecht, was 'n vriend en ondersteuner van Piet Joubert en het ook simpatiek gestaan teenoor die Uitlanders, aan wie hy meer vryhede en regte wou verleen. Hy was ook vyandiggesind teenoor monopolieë, in die besonder die Spoorwegkonsessie. Kyk J.M. Schoeman, "Meyer, Lucas Johannes" in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, p. 623. Schalk Burger (1852-1918), eerste Volksraadslid vir Lydenburg, was leier van die meer progressiewe element in die Volksraad. Hy het simpatiek gestaan teenoor die eise van die Uitlanders en het kritiek uitgespreek teen die regering se finansiële beleid. Kyk J.M. Schoeman, "Burger, Schalk Willem" in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, p. 109. Sien ook C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, p. 194.

²⁰⁴ Anon., "De drie politieke partijen", *Land en Volk*, 22.11.1894. Sien ook L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n biografie van W.J. Leyds*, p. 72.

²⁰⁵ NASA, Pretoria, W.J. Leydsargief (LA), vol. 251, afskrif van dagboekinskrywing van mev. Leyds op 10.02.1893; Anon., "Krugers ambtenaren", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Een staats financier", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Land en Volk en Volksmet", *Land en Volk*, 01.03.1892; Anon., "Hollanders en de Transvaal", *Land en Volk*, 26.01.1892; Anon., "Hollanders in dienst", *Land en Volk*, 22.03.1892; Anon., "Dr. Leyds", *Land en Volk*, 26.04.1892.

²⁰⁶ Anon., "Krugers ambtenaren", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Een staats financier", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Hollanders en de Transvaal", *Land en Volk*, 26.01.1892; Anon., "Hollanders in dienst", *Land en Volk*, 22.03.1892; Anon., "Dr. Leyds", *Land en Volk*, 26.04.1892.

²⁰⁷ Anon., "De drie politieke partijen", *Land en Volk*, 22.11.1894.

Volksraad dat die Joubert-party of Progressiewes selde oor enige saak sterk standpunt ingeneem het.²⁰⁸

Die kerkgeskille tussen die Kruger-groepering en die Joubert-groep het reeds in 1885 begin toe die Nederduitsch Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk saamgesmelt en die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk genoem is en waarvan, soos hier bo genoem, kommandant-generaal Piet Joubert 'n lidmaat was.²⁰⁹ Met die kerkvereniging het talle van die eiendomme van die Nederduitsch Hervormde Kerk, soos kerkgeboue, pastorieë en kerklike argiewe in die hande van die nuwe verenigde kerk gekom. Die lede van die verenigde kerk het dit wenslik gevind dat die eiendomme so spoedig moontlik getranspoteer word. Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat nie verenig het nie, het die standpunt gehuldig dat hulle die regmatige eienaars van die eiendomme was. Die probleem was hoe om weer die gebruiks- en besitreg van hulle eiendomme terug te kry.²¹⁰

Die onderlinge kerkgeskille in die ZAR sedert die kerkvereniging het tot heelwat onaangenaamhede gelei. Dit is gedurende daardie tyd taamlik duidelik in *De Volksstem* weerspieël. Toe sake te erg word, het Engelenburg sy opinie uitgespreek oor die getwis en daarop gewys dat dit slegs daartoe gedien het om die volk te verswak en voor die buitewêreld belaglik te maak.²¹¹ Hy het ook genoem dat sommige burgers maar alte veel geneig was om onderlinge twis en haat te saai, terwyl die kerk veronderstel was om 'n kweekplek van verdraagsaamheid en naasteliefde te wees.²¹² Die gemeenskap het hulle nie aan Engelenburg se vermaninge gesteur nie. Engelenburg het telkemale probeer om gemoedere te kalmeer en 'n einde aan die twis te maak. Hy het daarop gewys dat die tyd, geld en energie wat hulle aan die kerkkwessie spandeer het, die innerlike krag van die regering verswak het.²¹³ Hy het voorbeelde

²⁰⁸ Redaksionele kommentaar, "De terugkomst van pres. Kruger", *De Volksstem*, 14.12.1904.

²⁰⁹ A.D.W. Wolmarans, *Kerkhistoriese feiten: bijdrage tot de kennis van de geschiedenis der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika I*, pp. 23-24.

²¹⁰ S.J. Botha, "Die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1899" in *Joernaal van Hervormde Teologiese Studies*, 57(1&2), 2001, p. 480.

²¹¹ Redaksionele kommentaar, "De kerkelijke kwestie", *De Volksstem*, 09.10.1890.

²¹² Redaksionele kommentaar, "De kerkkwestie en de regeering", *De Volksstem*, 01.12.1890.

²¹³ Redaksionele kommentaar, "Waar in zal dat eindigen?", *De Volksstem*, 15.01.1891.

uit die geskiedenis geneem en verwys na die voorheen kragtige ou Griekse republieke wat 'n maklike prooi geword het van vreemde invallers toe hulle langsaamerhand verrot geword het deur noodlottige binnelandse verdeeldhede en verslappende staatkundige en ander geskille. Dieselfde het met die Poolse Ryk gebeur. Engelenburg het gewaarsku dat

[i]edere daad, ieder woord van tweedracht, een steen meer uitmaakt, die uit ons Staatsgebouw wegvalt!²¹⁴

Die Transvalers was sedert die sestigerjare van die negentiende eeu nie so naby burgeroorlog gewees as in daardie kritieke tydperk van die 1890's nie – en dit terwyl hulle republiek van buite deur Brittanje en van binne deur die Uitlanders van die Witwatersrand bedreig is.²¹⁵ President Kruger het self ook ingegryp om 'n einde aan die tweedrag te maak en het in 'n brief wat hy in *De Volksstem* laat plaas het, by die mense gepleit om die geskille vredeliewend te probeer oplos. As laaste poging het hy besluit om die leiers van die verskillende kerkgenootskappe byeen te roep vir gemeenskaplike beraadslaging. Engelenburg het op sy beurt kerkleiers aangemoedig om aan die gesprek deel te neem om die siekte “die ons bestaan als een vrij Volk dreigt ten val te brengen” met wortel en tak uit te roei.²¹⁶ Die kerkvergadering het wel plaasgevind met president Kruger as voorsitter. Heelwat onaangename woorde het geval, maar die saak was steeds nie opgelos nie.²¹⁷ Engelenburg se mening was dat 'n skerp ontleedmes nodig sou wees om die wond oop te maak voordat dit kon genees. Hy het sy lesers gevra om nie kwaad te word as hy oor iets sou skryf wat hulle nie aangestaan het nie. As hulle dan wel kwaad word, moes hulle in hemelsnaam hulle toorn elders uitstort

... dan over het hoofd van den armen *Volksstem*-Editeur! Want deze heeft toch waarlijk part noch deel aan die verfoeilijke Kerkwestie!²¹⁸

Ná afloop van die reeks vergaderings is 'n skikkingsooreenkoms opgestel. Engelenburg het die partye aangemoedig om dit te onderteken om sodoende die vrede in die land te herstel.²¹⁹ Die

²¹⁴ Redaksionele kommentaar, “Waar in zal dat eindigen?”, *De Volksstem*, 15.01.1891.

²¹⁵ G.D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885-1910*, p. 58.

²¹⁶ Redaksionele kommentaar, “ZHEd. de Staatspresident en de Kerkwestie”, *De Volksstem*, 26.03.1891.

²¹⁷ Redaksionele kommentaar, “De kerkvergadering”, *De Volksstem*, 25.08.1891.

²¹⁸ Redaksionele kommentaar, “Aan onze lezers”, *De Volksstem*, 29.08.1891.

Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente het met die regering 'n ooreenkoms aangeaan om van die kerkplein in Pretoria afstand ten gunste van die staat te doen in ruil vir 12 erwe. 'n Misverstand het ontstaan deurdad die kerk bedoel het dat die 12 erwe in een blok moes wees, terwyl die regering verstaan het dat agt erwe in een blok en die ander vier erwe, vir kerkdoeleindes, in 'n ander blok kon lê. Die misverstand het byna veroorsaak dat die twis hervat is.²²⁰ Met die aanloop tot die 1893-presidentsverkiesing was die erwe-kwessie nog nie opgelos nie en as gevolg daarvan het kommandant-generaal Piet Joubert en sy ondersteuners 'n "oorlogsmiddel" teen die Kruger-regering gevind.²²¹ Generaal Joubert het die publiek aangeraai om die nodige wysheid aan die dag te lê en nie by die aanstaande verkiesing agter die voormanne aan te loop wat hulle daaraan skuldig gemaak het om godsdienshaat te kweek om hulle politieke oogmerke te probeer bereik nie.²²²

Engelenburg was later moedeloos omdat die getwis in die gemeenskap maar net nie einde wou kry nie. Hy self het ook by die predikante in onguns verval omdat hy hulle gekritiseer het:

Want het is een karaktertrek die spesiaal eigen is aan theologanten dat zij boos worden op ieder die niet alles wat zij zeggen of doen, uitstekend goed vind ... [en] de *Volksstem* verafschuwen en den armen editeur met verwijtingen overladen ... als hij niet aanwezig is.²²³

Hy het hom nie verder aan die kerkleiers se verwyte gesteur nie en hulle weer gewaarsku om 'n einde te maak aan die geskille. Hy het verwys na die Engelse koerantredakteurs wat die regering nie goedgesind was nie en maar alte gretig was om verslag te doen oor die handjievol Boere wat al hulle energie en krag op onderlinge geskille gebruik het.²²⁴ Die getwis het veroorsaak dat Nederlandssprekende mense na Engelse kerke gegaan het en hulle is kwalik geneem omdat hulle liewer na ander kerke gegaan het as na hulle eie. Engelenburg het die saak anders gesien. Hy het gevra of die skuld nie by die predikante gelê het wat nie in staat was om hulle kuddes bymekaar te hou nie. Hy het selde gehoor van mense wat van hulle predikant af weggehoop het as dit 'n

²¹⁹ Redaksionele kommentaar, "Einde goed, alles goed!", *De Volksstem*, 05.09.1891.

²²⁰ Redaksionele kommentaar, "De kerk-erven-kwestie", *De Volksstem*, 21.05.1892.

²²¹ Redaksionele kommentaar, "Comm.-gen. Joubert en de kerk-erven kwestie", *De Volksstem*, 23.07.1892.

²²² Redaksionele kommentaar, "Comm.-gen. Joubert en de kerk-erven kwestie", *De Volksstem*, 23.07.1892.

²²³ Redaksionele kommentaar, "Zelfvernietiging", *De Volksstem*, 08.10.1892.

²²⁴ Redaksionele kommentaar, "Zelfvernietiging", *De Volksstem*, 08.10.1892.

goeie predikant was.²²⁵ Die kerkkwessie is nooit in 'n hofsak uitgeklaar nie omdat al drie die partye gewillig was om buite die hof te skik. Dit is egter nie spoedig afgehandel nie, en dit sou nog tot in Julie 1899 duur voordat die saak gefinaliseer is.²²⁶

Tydens verkiesingsveldtogte is nie geskroom om die kerk by te sleep nie. Engelenburg het aan die begin van 1891 kortliks die inhoud van 'n ope brief geplaas wat deur Christiaan Joubert geskryf is met die oog op die aanstaande verkiesing van lede van die Volksraad. Ds. Goddefroy het die brief mede-onderteken. Die inhoud van die brief het daarop neergekom dat die burgers aangeraai is om by die aanstaande verkiesing hulle stemme uit te bring vir persone wat tot dieselfde godsdiensoortuiging behoort het as die ondertekenaars van die brief, met ander woorde hulle moes stem vir kandidate wat aan die Nederduitsch Hervormde gemeente behoort het. Stemming vir lidmate van die verenigde kerk is kragtig afgeraai.²²⁷ Engelenburg het die inhoud van die omsendbrief sterk gekritiseer en het gemeen dat 'n departementshoof van die staat, tesame met 'n predikant, hulle invloed op die burgers probeer gebruik en ook misbruik het. In stede van saamwerk om die heethoofde en verontruste gemoedere tot kalmte te bring, het hulle probeer om die smeulende vuur van burgertwiste brandend te hou en aan te blaas.²²⁸ Christiaan Joubert het ernstig beswaar daarteen gemaak dat Engelenburg die brief, wat “Vertroulik” gemerk was, geplaas het. Die brief met beswaar het Engelenburg in *De Volksstem* geplaas en onderaan die brief het hy vir Joubert om verskoning gevra en sy kritiek teruggetrek.²²⁹ Hy het ook vir ds. Goddefroy om verskoning gevra.²³⁰ Hy het egter kort ná die terugtrekking weer na die oorspronklike brief gekyk en gemerk dat dit nêrens “vertroulik” of “konfidensieel” gemerk was nie, met die gevolg dat hy sy verskoning aan Joubert teruggetrek en aan sy lesers genoem het dat die opmerkings in sy inleidingsartikel van 2 Februarie opnuut gestaan het.²³¹ Engelenburg kon nie verstaan waarom Joubert en Goddefroy so grimmig teenoor hom opgetree het nie, terwyl die

²²⁵ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 05.11.1892.

²²⁶ S.J. Botha, “Die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1899” in *Joernaal van Hervormde Teologiese Studies*, 57(1&2), 2001, p. 482. Sien ook S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, pp. 327-352.

²²⁷ Redaksionele kommentaar, “Des heeren C.J. Joubert’s open brief”, *De Volksstem*, 02.02.1891.

²²⁸ Redaksionele kommentaar, “Des heeren C.J. Joubert’s open brief”, *De Volksstem*, 02.02.1891.

²²⁹ Redaksionele kommentaar, “Antwoord van den heer C.J. Joubert”, *De Volksstem*, 05.02.1891.

²³⁰ F.V. Engelenburg, “Kerkkwesie”, *De Volksstem*, 05.02.1891.

²³¹ Redaksionele kommentaar, “De heer C.J. Joubert en ‘De Volksstem’”, *De Volksstem*, 16.02.1891.

brief versprei is nog voor dit in *De Volksstem* verskyn het.²³² S.E. Burger het 'n brief in *De Volksstem* laat plaas waarin hy genoem het dat dit belangrik was dat die brief in die koerant opgeneem is ten einde die publiek oor die inhoud daarvan in kennis te stel. Hy het hom verwonder dat Goddefroy en Joubert so grimmig teenoor Engelenburg was, omdat dieselfde brief toe reeds bekend was.²³³

In 'n brief aan Marie Koopmans-De Wet het Engelenburg na die korrespondensie tussen hom en Christiaan Joubert verwys en geskryf dat die hele gebeure nie vir hom aangenaam was nie:

Die menschen kunnen zoo indelicaat uit den hoek komen.²³⁴

In sulke aangeleenthede, het hy geskryf, het hy veral gevoel hoe geïsoleerd hy as Nederlander gestaan het. Solank hulle jou nodig gehad het, het hulle 'n vriendelike gesig vertoon, maar sodra mens 'n ander opinie durf hê, dan gooi hulle klippe na jou.²³⁵ Hy het ook in *De Volksstem* na die publiek se skerp reaksie op die Joubert-saak verwys, maar dat sy vel dik begin word het sodat die pyle wat op hom afgeskiet is, langs hom neergeval het sonder om pynlike wonde te veroorsaak. Hy het die lesers daarop gewys dat dit vir hom as redakteur onmoontlik was om in alles die onverdeelde goedkeuring van die publiek weg te dra.²³⁶ Engelenburg kon egter nie dié tipe politieke veldtogte waarby die kerk ingesleep is, duld nie en dit was waarskynlik die rede waarom hy besluit het om die brief te plaas.

Engelenburg het in die godsdienst 'n verdelende faktor gesien. Nogtans het hy probeer om neutraal te staan en die Transvaalse bevolking tot hulle sinne te bring. Deur die kerktwiste tussen Afrikaner en Afrikaner het hy goeie ervaring opgedoen van die Transvalers en in die besonder die Afrikaners. Godsdienst was vir hulle belangrik en hy het op 'n diplomatieuse manier sy weg deur die moeras van onmin en moontlike slaggate gevind.

²³² Redaksionele kommentaar, "De heer C.J. Joubert en 'De Volksstem'", *De Volksstem*, 16.02.1891.

²³³ S.W. Burger (korr.), "De heer C.J. Joubert en 'De Volksstem'", *De Volksstem*, 26.02.1891.

²³⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 06.04.1891.

²³⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 06.04.1891.

²³⁶ F.V. Engelenburg, "Praatjes van den dag", *De Volksstem*, 13.04.1891.

Engelenburg as lid van die Kruger-verkiesingskomitee

Die 1893-presidentsverkiesing was op hande en die Piet Joubert-ondersteuners het nie 'n doeltreffende mondstuk gehad om hulle belange te behartig nie. Gedurende die eerste helfte van 1891 het Eugène Nielen Marais (1871-1936) nog vir die *Transvaal Advertiser* gewerk. Marais het 'n kontroversiële rol in die ZAR-tydperk gespeel en het duidelik die kandidatuur gesteun van generaal Piet Joubert, wat, soos voorheen genoem, algemeen as die hoof van die progressiewe en leier van die “Hollanderhaters” beskou is. Agter die skerm het die Joubert-ondersteuners gereël dat die begaafde Eugène Marais in die plek van T.J. Meyer as redakteur van *Land en Volk* aangestel word. Meyer was allesbehalwe die land se beste redakteur.²³⁷ Op 9 Julie 1891 het Engelenburg sy lesers ingelig dat *Land en Volk* in die hande oorgegaan het van Eugène Marais en Jimmy Roos,

... twee jonge mannen van grooten ijver en werkkraft, die reeds een goeden naam genieten op het gebied der journalistiek.²³⁸

Engelenburg het hulle goeie voornemens geprys om 'n blad te bedryf wat in alle opsigte die volk van die ZAR sou verteenwoordig, maar om dadelik te insinueer dat alle ander bestaande koerante “prullen zijn” en nie die volk en die belange van die ZAR verteenwoordig het nie, was na sy mening, om die minste te sê, nie baie beleefd nie en het nie getuig van takt nie.²³⁹

President Kruger het waarskynlik die waarde van Engelenburg, as hoofredakteur van die, in daardie stadium, grootste Nederlands-Afrikaanse koerant in Transvaal, besef om sy belange in die verkiesing te verdedig. Engelenburg het van die begin van sy aanstelling by die koerant in 1889 af in noue voeling met Kruger gebly. Met die presidentsverkiesing van 1893 was Engelenburg een van ses lede wat in die sentrale Kruger-verkiesingskomitee gedien het om Kruger se saak onder die kiesers te bevorder. Die pos het vir Engelenburg heelwat werk besorg. Met die verkiesing op hande het Engelenburg bemerk dat daar 'n eienaardige verskynsel in die politieke gesteldheid van die samelewing was.

²³⁷ L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, pp. 44-45.

²³⁸ Redaksionele kommentaar, “Praatjes van den dag”, *De Volksstem*, 09.07.1891.

²³⁹ Redaksionele kommentaar, “Praatjes van den dag”, *De Volksstem*, 09.07.1891.

Teen die maande Februarie en Maart was die sogenaamde haat teen die Nederlanders by sommige mense op die felste. Hy het ook gemerk dat daar met “Farizeër-hooghartigheid” neergesien is op die “lage tollenaars-hollanders”. Dan is daar met sorg en noukeurigheid bewysstukke bymekaargemaak om die menigte wys te maak dat die Nederlanders in die algemeen en die Nederlandse amptenare in die besonder 'n jammerlike klomp uitgemaak het, waarby natuurlik veronderstel was dat die ander elemente en die ander amptenare toonbeelde van “burgerdeugd en geschiktheid” was.²⁴⁰ Engelenburg het gemeen dat daar by elke mens afwisselend 'n klein splinter of 'n groot balk in die oog was. Dié onaangename eienskap het die mense van Nederlandse afkoms helaas gemeen gehad met mense van 'n ander afkoms. Daar was selfs Nederlanders wat heel groot splinters in hul oë gehad het!

Maar – we durven het haast niet hardop zeggen – er zijn ook Hollander-haters die met zulk een lastig ding in hun gezichtsorgaan rondlopen. En zóó groot is somtijds de balk in hun eigen oog dat zij amper blind worden voor hun eigen tekortkomingen.²⁴¹

Hy het die gemeenskap gevra om die verkiesing nie te laat ontaard in 'n tydelike vlaag van senuagtige, patriotiese, opgewonde raserny nie, maar gevra dat die voormanne eerder alles moontlik moes doen om die verkiesingstryd waardig te voer en dit nie onnodig op te blaas in navolging van die Noord-Amerikaanse Republiek nie, waar driekwart van die mense voor en gedurende die presidentsverkiesing skielik stapelgek geword het.²⁴²

Dit moes vir Engelenburg moeilik gewees het om Kruger in sy blad op te hemel en sy saak te bevorder terwyl hy maar alte goed besef het dat die land nie goed bestuur is nie. Hoewel Engelenburg geglo het dat Kruger weer verkies sou word, was hy nie 'n blinde bewonderaar van sy regeringsbeleid nie. Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat Kruger se arbitrêre optrede en sy onkunde in finansiële en administratiewe aangeleenthede die land skade berokken het en met die onmiddellike toekoms van die land het dit nog lank nie rooskleurig daar uitgesien nie. Hy het soms gewonder of Kruger nie beter sou doen nie deur met grasia plek te maak vir

²⁴⁰ Redaksionele kommentaar, “De aanstaande Presidentskeuze”, *De Volksstem*, 03.02.1892.

²⁴¹ Redaksionele kommentaar, “De aanstaande Presidentskeuze”, *De Volksstem*, 03.02.1892.

²⁴² Redaksionele kommentaar, “De aanstaande Presidentskeuze”, *De Volksstem*, 03.02.1892.

iemand wat beskaafder was in sy omgang met mense en wat minder argwaan sou ontlok deur omkoopbaarheid:

Ook Krugers vasthouden aan onbekwame ambtenaren doet den Staat veel kwaad.²⁴³

Land en Volk het die Joubert-groepering ondersteun wat gedurende die verkiesingstyd noodwendig tot botsings met die opposisiekoerante gelei het. Met Eugène Marais aan die stuur het *Land en Volk* Kruger en die Nederlanders wat met hom geassosieer is, voortdurend in 'n slegte lig probeer stel.²⁴⁴ Marais het geen geheim daarvan gemaak nie dat hy teen Kruger se konsessiebeleid²⁴⁵ was. Hy was ook teen Kruger se beleid om hoofsaaklik Nederlanders in belangrike staatsposte aan te stel.²⁴⁶ *De Volksstem*, en dus ook Engelenburg, was 'n groot doring in Eugène Marais en die Joubert-ondersteuners se vlees. Behalwe dat *De Volksstem* die grootste mededinger van *Land en Volk* was, was Engelenburg boonop 'n Nederlander wat die Kruger-regering gesteun het. Marais het menigmaal *De Volksstem* minagtend in sy koerant as "Volksmet" genoem. Skeldname soos die "Volkspest", "commando Hollanders" en "Hollander Renbode" is ook gebruik.²⁴⁷ Engelenburg het nie op hom laat wag nie en het Marais in eie munt terugbetaal. Hy het geskryf dat *Land en Volk* se ongemotiveerde aanvalle hom koud gelaat het.²⁴⁸ Dat *Land en Volk* so dikwels onwaarhede verkondig het, wou hy sy tydgenoot nie te swaar toereken nie

... want we weten dat hij maar min gelezen wordt.²⁴⁹

²⁴³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 03.03.1892.

²⁴⁴ Anon., "Krugers ambtenaren", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Een staats financier", *Land en Volk*, 02.02.1892; "Klaas Nieuwsgierig" (korr.), *Land en Volk*, 01.03.1892; Anon., "Land en Volk en Volksmet", *Land en Volk*, 01.03.1892; "Krulstert, Pretoria" (korr.), *Land en Volk*, 22.03.1892; "De Brug op de bult" (korr.), *Land en Volk*, 22.03.1892; "Ou Job" (korr.), *Land en Volk*, 26.04.1892.

²⁴⁵ Daarvolgens is die monopolie om 'n bepaalde produk te vervaardig of daarin handel te dryf, teen betaling aan individue toegestaan.

²⁴⁶ Anon., "Hollanders en de Transvaal", *Land en Volk*, 26.01.1892; Anon., "Hollanders in dienst", *Land en Volk*, 22.03.1892; Anon., "Dr. Leyds", *Land en Volk*, 26.04.1892.

²⁴⁷ "Boeren" en "Die Hollander Renbode" (korr.), *Land en Volk*, 16.02.1892; Anon., "Land en Volk en Volksmet", *Land en Volk*, 22.03.1892; "Zwygt" (korr.), *Land en Volk*, 22.03.1892 (Marais het onderaan die brief van "Zwygt" die volgende redaksionele nota geplaas: "Wij hebben een deel van den brief weggelaten en vragen Zwyt daar excuus om, maar het was te hard op de Hollander courant, die de Afrikaner zaak verzaakt. – Ed. Land en Volk").

²⁴⁸ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk", *De Volksstem*, 23.03.1892.

²⁴⁹ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk", *De Volksstem*, 23.03.1892.

Engelenburg was egter vanweë die aard van sy werk verplig om *Land en Volk* te lees en dit het hom gehinder want die koerant het hom verveel.²⁵⁰ Hy wou egter nie sy *Volksstem*-lesers met die gemelde blaadjie lastig val nie, want na sy mening het iedereen geweet dat die jongelinge wat daarin geskryf het, nog onervare was en dat daar vir die behoorlike leiding van 'n koerant meer nodig was as 'n klein bietjie oppervlakkige skoolkennis en 'n heel groot klomp onbeskaamdheid.²⁵¹ Hy het vervolg dat dié twee miskien nog 'n paar bruikbare koerantskrywers sou kon word as dit nie vir een ding was nie, naamlik die feit dat hulle twee here gedien het. Terwyl die een redakteur, Roos, ook vir *The Star*, 'n welbekende Brits-Imperialistiese blad te Johannesburg, gewerk het wat dit goedgevind het om die kandidatuur van Kruger aan te beveel, was die ander, Eugène Marais, nie alleen redakteur vir *Land en Volk* nie maar ook vryskutjoernalis vir die *Transvaal Advertiser* waaraan sy broer H.C. Marais verbonde was. Hy het veral verslag gedoen oor die verrigtinge in die Volksraad, maar het ook 'n gereelde rubriek "Glimpses from the hoekie" behartig waarin nuus verstrek is wat ontleen is aan gesprekke in die wandelgange. Terwyl hy redakteur van *Land en Volk* was, was hy ook assistentredakteur van *The Press* en het hy op uitnodiging hoofartikels vir dié koerant gelewer.²⁵² Laasgenoemde koerant het, volgens Engelenburg, deur dik en dun alles goed gevind wat deur Kruger en Leyds gedoen word. Dieselfde twee jong mans wat op onaanvaarbare manier stryd teen die regering gevoer het, was dus ook verbonde aan persorgane wat steun vir die regering uitgespreek het.²⁵³ Engelenburg kon baie van 'n redakteur vergewe al was dit sy teenstander, want ook *De Volksstem* het klein en groot foute gemaak omdat hy ver van volmaak was. Hy het egter gemeen dat daar een ding was wat hy nie van 'n redakteur kon vergewe nie, naamlik dat dié twee aangesigte gehad het, twee here gedien het, vals was en onopreg.

'n Valse en beginsellose man is gevaarlijk voor zijne heele omgeving.²⁵⁴

In 'n artikel wat Engelenburg op 13 April 1892 in *De Volksstem* geplaas het, het hy sy lesers ingelig dat Marais 'n apologie van hom geëis en selfs met 'n regsgeding gedreig het.²⁵⁵

²⁵⁰ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk", *De Volksstem*, 23.03.1892.

²⁵¹ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk", *De Volksstem*, 23.03.1892.

²⁵² W. Nienaber-Luitingh, "Marais, Eugène Nielen" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 527.

²⁵³ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk", *De Volksstem*, 23.03.1892.

²⁵⁴ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk", *De Volksstem*, 23.03.1892.

Engelenburg was egter oortuig van die juistheid, grondigheid en waarheid van sy artikel en het geweier om verskoning te vra. Hy was bereid om elke woord wat hy geskryf het, in die hof te verdedig. Marais het sy dreigement nie uitgevoer nie, wat Engelenburg as erkenning dat hy bang was, beskou het.²⁵⁶ Marais het hom vervolgens gewreek deur terug te kap dat die redakteur van *De Volksstem* meneer Engelenburg, 'n "pas-gearriveerde" Nederlander was, wat nie in Pretoria onbekend was nie. Die feit dat hy nuut in die land was, sou dus vir *Land en Volk* se lesers verklaar waarom die redakteur van *De Volksstem* nie bekend was met die gewoontes van Suid-Afrika nie. Vir die ander blaaië het Marais en Roos slegs rapporteerwerk gedoen, wat geen enkele band met die politiek van *Land en Volk* gehad het nie. Ten minste was hulle die eienaars van *Land en Volk*, iets wat Engelenburg ten aansien van *De Volksstem* nie kon sê nie. Marais het ook geskryf dat Engelenburg die huurling van 'n groep Nederlanders was en dat die Kruger-regering een van die grootste aandeelhouders in die *Volksstem*-maatskappy was saam met die ander swerm Nederlanders, "Jingo couranten"²⁵⁷ en Engelse handelaars.²⁵⁸ Drie dae later het Engelenburg in *De Volksstem* geskryf dat die feit dat hy nog nie in die tronk gesit of voor die hof gedaag is nie, bewys was dat alles wat hy oor die redakteurs van *Land en Volk* geskryf het, waar was.²⁵⁹

Vir Engelenburg kon die onderonsie met Marais 'n heel interessante episode geword het, veral met die presidentsverkiesing op hande, maar hy was nie begerig om by agitasies en spanninge betrokke te raak nie.²⁶⁰ Bowendien het hy weer 'n koorsaanval beleef en aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat hy gedurende die Paasfees weens malaria 'n tyd lank in die hospitaal gelê het, maar dat alles gelukkig verby was. Die koorsigheid was lastig, maar so het almal maar daaraan gely. As mens siek was, waardeur jy dit des te meer om weer gesond te wees.²⁶¹

²⁵⁵ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk" en 'De Volksstem', *De Volksstem*, 13.04.1892.

²⁵⁶ Redaksionele kommentaar, "Land en Volk" en 'De Volksstem', *De Volksstem*, 13.04.1892.

²⁵⁷ Blad wat die denkrigting van die jingo's voorstaan. Jingo – verengelste Afrikaner.

²⁵⁸ Anon., "De 'Volksstem' Maatschappy – Mnr. Engelenburg", *Land en Volk*, 12.4.1892.

²⁵⁹ Anon., "Praatjes van den dag", *De Volksstem*, 04.05.1892.

²⁶⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 02.04.1892.

²⁶¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 01.05.1892.

Uit die brief kan afgelei word dat Marie Koopmans-De Wet Engelenburg gesteun het betreffende die insident met *Land en Volk*. Engelenburg het haar daarvoor bedank:

Uwe belangstelling in zake het incident met 'Land en Volk' heeft mij aangenaam getroffen.²⁶²

Dit het maar selde gebeur dat hy steun van buite af gekry het, daarom het 'n enkele woord van aanmoediging van iemand soos mevrou Koopmans-De Wet, wie se oordeel hy hoog op prys gestel het, hom goed gedoen. Hy het aan haar geskryf dat *Land en Volk* hom gedreig het, maar dat hulle besluit het om die dreigemente nie uit te voer nie.²⁶³ Engelenburg het nie geglo dat Roos so kwaad vir hom was nie, maar dat omstandighede hom genoop het om lojaal teenoor *Land en Volk* te wees.

'Wiens brood men eet, diens woord men spreekt' zegt het spreekwoord.²⁶⁴

Roos, aldus Engelenburg, eet nou die brood van die opposisie, waarskynlik omdat hy daarmee begin het en nie maklik 'n ander "broodgewer" sou kry nie. Engelenburg het vir 'n wyle daaraan gedink om Roos by *De Volksstem* aan te stel – altans om dit te probeer, maar dat hy nie die salaris sou kon aanbied wat Roos by *Land en Volk* verdien het nie. Ten tweede het hy gevrees dat Roos te veel anti-Transvaals was en die Kruger-regering moontlik nie goedgesind was nie. Engelenburg het wel gevra dat Marie Koopmans-De Wet haar vriendskap nie vir Roos moes ontsê wanneer hy in die Kaap was nie.²⁶⁵

In die maande voor die presidentsverkiesing het die opposisieblaaie niks ontsien om die kandidate teen wie hulle gekant was, verdag te probeer maak of by die publiek in onguns te bring nie.²⁶⁶ Kruger se Protestantse geloof is onder verdenking gebring deur die gemeenskap daarop te

²⁶² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 01.05.1892.

²⁶³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 01.05.1892.

²⁶⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 01.05.1892.

²⁶⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 01.05.1892.

²⁶⁶ Anon., "No compromise", *The Star*, 15.04.1892; Anon., "The session opens", *The Star*, 02.05.1892; Anon., "The two speeches", *The Star*, 03.05.1892; Anon., "Omdat hij een Hollander is", *Land en Volk*, 17.05.1892; Anon., "Weg met Wierda", *Land en Volk*, 31.05.1892; Anon., "Vragen aan Dr. Leyds, Mnr. Eloff of de 'Pest' over de N.Z.A.S.M.", *Land en Volk*, 12.04.1892; Anon., "Dr. Leyds", *Land en Volk*, 26.04.1892; Anon.,

wys dat hy 'n Portugese ridderorde besit het, naamlik die Orde van Nossa Senhora da Conceição de Vila Viçosa, wat hy by plegtige geleenthede gedra het.²⁶⁷ Engelenburg het daarvan melding gemaak dat die redakteurs van *Land en Volk* daarteen gekant was dat Kruger onderneem het om die eerste steenlegging van 'n Sinagoge in Johannesburg by te woon en het hulle aangehaal:

Dit word genoem 'heulen met de Joden en met de Roomschen.'²⁶⁸

Engelenburg het Kruger verdedig deur te skryf dat die hoof van die staat beleefd moes wees teenoor alle godsdiensgroepe in die land. Dit is jammerlike onkunde en boosaardige opset van 'n koerantredakteur om toe te laat dat die staatspresident verdag gemaak word omdat hy die eerste steen van 'n Joodse kerk help lê of 'n Portugese orde ontvang het.²⁶⁹ Kruger self het tydens die toespraak verklaar dat die Joodse gemeenskap hom, as hoof van die staat, nodig gehad het. Hy het geen onderskeid gemaak tussen die gelowe nie. Hy het eerbied gehad vir die Joodse geloof en het nie tussen geloofsbelydenisse onderskeid gemaak nie.²⁷⁰

Engelenburg se waardige en besadigde optrede het baie gehelp om gemoedere in die aanloop tot die presidentsverkiesing te kalmeer.²⁷¹ Marais was daarenteen op die oorlogspad en het met die een dagvaarding en teendagvaarding ná die ander probeer indruk maak.²⁷² Teenstanders van Marais en Roos het hulle blad *Land en Vloek of Schand voor 't Volk* genoem.²⁷³ Die stryd het nie net oor die presidentskap gegaan nie. 'n Sterk gevoel is ook teen dr. Leyds as staatsekretaris opgebou. Engelenburg het die ontwikkelinge met sorg waargeneem.²⁷⁴ Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat die Volksraad tydens hulle sitting in Mei 'n staatsekretaris moes kies. In sekere kringe het 'n erge antipatie teen Leyds geheers, sodat sommige mense sy

"Wat met Leyds gedaan wordt", *Land en Volk*, 03.05.1892; Anon., "Brutale vrijpostigheid. Nellmapius en de Regeering", *Land en Volk*, 17.05.1892.

²⁶⁷ President Paul Kruger het in 1884 die Orde van Nossa Senhora da Conceição de Vila Viçosa van die Portugese koningshuis ontvang tydens 'n besoek aan Lissabon. Kyk N. Hirschson, *The naming of Johannesburg as an historical commentary*, p. 39.

²⁶⁸ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 18.05.1892.

²⁶⁹ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 18.05.1892.

²⁷⁰ Redaksionele kommentaar, "ZHed. De Staatspresident op de W.W.Rand. De Joodsche synagoge", *De Volksstem*, 17.09.1892.

²⁷¹ P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van "De Volkstem" 1873-1900, p. 48.


²⁷² L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, p. 80.

²⁷³ Anon., "Een party-leugen", *De Pers*, 06.10.1892; Anon., "De 'schand' alweer" *De Pers*, 24.03.1892; en Anon., "Schand voor 't Volk", *De Pers*, 24.03.1892.

²⁷⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, subléer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 01.05.1892.



Illustrasie 16: Eugène Nielen Marais, hoofredakteur van *Land en Volk*.
Bron: Anon., Eugène Nielen Marais by www.bronberger.co.za (geraadpleeg 24.10.2014).



Illustrasie 17: Staatsekretaris W.J. Leyds.
Bron: Anon., W.J. Leyds, South African history online, www.sahistory.org.za, (geraadpleeg op 10.02.2014).

herverkiesing betwyfel het. Engelenburg kon nog nie sê wat daaromtrent sou gebeur nie, maar hyself het gedink dat Leyds herbenoem sou word, al was dit net omdat daar nie 'n meerderheid van stemme vir Esselen of wie anders ook al sou wees nie. Tog was hy baie besorg daaroor.²⁷⁵

Toe Leyds met twintig stemme teen drie deur die Volksraad herverkies is, was Engelenburg baie verlig. Hy het gemeen dat dr. Leyds die hoedanighede besit het wat die vertroue van die land ten volle waardig sou wees. Deur verstandelike ontwikkeling, deur veelsydige geleerdheid, deur 'n breë kennis van mense en dinge en deur 'n volkome bekendheid met die administratiewe en politieke inrigting van die ZAR in die besonder en van Suid-Afrika in die algemeen, was hy meer as enige ander persoon aangewese om die betrekking te bly vervul wat hy die voorafgaande paar jaar reeds met die grootste toewyding en onuitputlike ywer vervul het.²⁷⁶

Die hoedanighede wat Engelenburg in dr. Leyds raakgesien het, was ook op hom, Engelenburg, van toepassing. Geen wonder nie dat hulle aanklank by mekaar gevind het en lewenslank vriende sou bly. *Land en Volk* het kritiek gelewer oor Leyds se herverkiesing en ook Engelenburg se aanprysing van die nuutverkose staatsekretaris in sy koerant.²⁷⁷ Engelenburg het nie van Marais se insinuasie gehou nie, naamlik dat

... de editor zeker 'dronken van blydschap' – met een vraagteken daarachter – was geweest toen hij de herkiezing van den staatssecretaris in zijn blad had toegejuicht.²⁷⁸

Hy het gemeen dat as die jongelinge van *Land en Volk* hulle deur sulke kinderagtige verdagmakery as kwajongens wou aanstel, dit hulle saak was. Hy wou hulle egter waarsku dat hulle in die toekoms 'n bietjie versigtiger moes wees met hulle politieke en ander flou praatjies.

Kinderen worden verwijderd als ze vervelend worden met hun onnoozel gepraat.²⁷⁹

Die gespanne verhouding tussen die twee koerante blyk ook uit onder meer 'n twis wat in Junie 1892 tussen die twee redakteurs ontstaan het nadat *Land en Volk* agt naamlose briewe aan die

²⁷⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, subléer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 01.05.1892.

²⁷⁶ Redaksionele kommentaar, "Dr. Leyds herkozen", *De Volksstem*, 08.06.1892.

²⁷⁷ Anon., "Dr. Leyds", *Land en Volk*, 14.06.1892.

²⁷⁸ Redaksionele kommentaar, "Slimme kourantenschrijvers", *De Volksstem*, 18.06.1892.

²⁷⁹ Redaksionele kommentaar, "Slimme kourantenschrijvers", *De Volksstem*, 18.06.1892.

redakteur gepubliseer het waarin die skrywers hul instemming met die koerant se politiek verklaar. Engelenburg het Marais daarvan beskuldig dat hy die briewe self geskryf het.²⁸⁰ Die inhoud van die briewe was volgens Engelenburg hoofsaaklik bedekte aanvalle op die regering, op hoog- en laaggeplaaste Nederlanders, kortom op alle mense wat nie tot Marais en Roos se persoonlike vriendekring behoort het nie.²⁸¹

Marais het dit as 'n leuen bestempel. Hy 'n paar van die oorspronklike handgeskrewe briewe aan Engelenburg gestuur om dit te bewys. In 'n volgende uitgawe van *De Volksstem* het Engelenburg sy aantyging teruggetrek, maar sonder om werklik sy fout te erken. Oor die naamlose briewe het hy beweer dat hy in sy kritiek gewys het op die uiters geringe waarde wat die leserspubliek aan dergelike private menings kon heg en dat sulke anonieme briewe geen groter gewig kon dra nie as wanneer dit deur “de uitgevers zelve van *Land en Volk* waren gepubliceerd”.²⁸² Marais het daarop gewys dat Engelenburg hoegenaamd nie verwys het na die waarde van naamlose korrespondente in die algemeen nie, dus was sy verskoning net so leuenagtig as sy oorspronklike beskuldiging.²⁸³ En aan *De Volksstem* se redakteur, wat drie jaar tevore uit Nederland na Suid-Afrika gekom het, het hy toegevoeg:

Wij weten niet veel van de zeden en gewoonten van Holland. Genoeg weten wij echter om ons volk aan te raden hunne kinders liever naar een schoolplaats te zenden dan naar Holland om hunne opvoeding te krijgen.²⁸⁴

Voor die verkiesing het Engelenburg sy lesers aan die dink gesit oor wat hulle van 'n president behoort te verwag en watter veranderinge en verbeteringe in die openbare administrasie van die

²⁸⁰ Redaksionele kommentaar, “Slimme kourantenschrijvers”, *De Volksstem*, 18.06.1892; F.V. Engelenburg, “Praatjes van den dag”, *De Volksstem*, 22.6.1892. Sien ook H. Heydenrych, “Eugène N. Marais as redakteur van *Land en Volk*, 1890-1896” in *LitNet Akademies*, 11(3), Desember 2014 by <http://www.litnet.co.za> (geraadpleeg op 15.01.2015).

²⁸¹ Redaksionele kommentaar, “Slimme kourantenschrijvers”, *De Volksstem*, 18.06.1892.

²⁸² F.V. Engelenburg, “Praatjes van den dag”, *De Volksstem*, 22.06.1892. Sien ook H. Heydenrych, “Eugène N. Marais as redakteur van *Land en Volk*, 1890-1896” in *LitNet Akademies*, 11(3), Desember 2014.

²⁸³ Anon., “De Volksstem en ons”, *Land en Volk*, 30.06.1892. Sien ook H. Heydenrych, “Eugène N. Marais as redakteur van *Land en Volk*, 1890-1896” in *LitNet Akademies*, 11(3), Desember 2014 by <http://www.litnet.co.za> (geraadpleeg op 15.01.2015).

²⁸⁴ Anon., “De Volksstem en ons”, *Land en Volk*, 30.06.1892. Sien ook H. Heydenrych, “Eugène N. Marais as redakteur van *Land en Volk*, 1890-1896” in *LitNet Akademies*, 11(3), Desember 2014 by <http://www.litnet.co.za> (geraadpleeg op 15.01.2015).

land gemaak behoort te word. Hy het daarop gewys dat niks volmaak kon wees wat 'n sterfling probeer doen nie, maar dit het nie weggeeneem nie dat daarna gestreef moes word om erg hinderlike gebreke in die wetgewing en administrasie te verminder. Wie ook al as president verkies word, sou heelwat sake deeglik moes hersien. Die regering het reeds 'n bekwame staatssekretaris gehad wie se werk baie lof verdien het. In die Uitvoerende Raad was daar ook bekwame manne wat die land kon bestuur. Die administratiewe bestuur van die verskillende departemente het egter aanleiding gegee tot veelvuldige klagtes, wat toenemende ontevredenheid onder die publiek veroorsaak het.²⁸⁵

Engelenburg het gemeen daar was 'n paar uitstekende hoofamptenare, soos Isaac van Alphen (posmeester-generaal), P.W.T. Bell (direkteur van die staatsdrukkery), F.P.J. Kuijper ('n regter van die hooggeregshof), N. Mansveld (superintendent van onderwys), J.C. Minnaar (registrateur van aktes), C.K. van Trotsenburg (algemene bestuurder: telegrafie) en ander. Terselfdertyd was daar egter talryke amptenare wat, ronduit gesê, ongeskik was vir die taak wat op hulle skouers gerus het, mense wat ongetwyfeld die beste bedoelinge ten opsigte van die staat gehad het en hulle verdienstelik gemaak het vir land en volk, maar ook niks verder beteken het in die uitgebreide kantore wat aan hulle sorg toevertrou is nie. Engelenburg het gereken dat daar hoofamptenare was wat totaal geen prestige meer gehad het nie en deur die regering onderhou word soos wat 'n boer 'n ou en afgeleefde perd uit deernis op sy plaas laat rondloop, of soos 'n vader wat uit versigtigheid iemand van sy familie kos gee omdat hy andersins las van hom sou hê.²⁸⁶

Engelenburg het, soos voorheen vermeld, nie geduld daarmee gehad dat die kerk by politieke sake ingesleep word nie en het *Land en Volk* een keer oor die kole gehaal omdat dié beweer het dat generaal Piet Joubert as't ware deur God geroep is tot die amp van president en dat regter Kotzé 'n indringer was.²⁸⁷ Hy het gevra waar *Land en Volk* die kosbare inligting gekry het. Hy het aanbeveel dat *Land en Volk* hulle eers goed op die hoogte moes stel van wat inderdaad

²⁸⁵ Redaksionele kommentaar, "Geen personen maar zaken", *De Volksstem*, 13.08.1892.

²⁸⁶ Redaksionele kommentaar, "Geen personen maar zaken", *De Volksstem*, 13.08.1892.

²⁸⁷ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 10.09.1892.

republikeinse beginsels was en in die toekoms hulle daarvan moes weerhou om die geëerbiedigde naam van God in hulle verkiesingsartikeltjies te misbruik. Die heer Piet Joubert, wat 'n godvresende republikein was, sou die laaste een wees wat die manier van *Land en Volk* sou goedkeur.²⁸⁸ Marais het hom op Engelenburg probeer wreek en gevra wat Engelenburg van die ZAR se voormanne af geweet het, hy wat by *De Volksstem* vet geword het op die advertensies²⁸⁹ wat Paul Kruger in *De Volksstem* laat plaas het. Wat het hy geweet van die lang en bloedige stryd van die Afrikaanse volk?²⁹⁰

Engelenburg het gemeen dat dit nie mooi van die opposisie was om te insinueer dat hy en 'n dertigtal mense wat hulle brood by *De Volksstem* verdien het, vet geword het van die £340 se advertensies van Paul Kruger nie.²⁹¹ Hy het droogweg geantwoord:

Een ieder die weet hoe dun en mager die edituur is, zal dadelijk verstaan dat die advertenties al een heel kleine plek op zijn dagelijksche spijkaart moeten innemen.²⁹²

Hy het daarop gewys dat die offisiële bekendmakings en advertensies wat in *De Volksstem* verskyn het en waarvoor werklike arbeid verrig is, nie eens die som van £340 vir die jaar bedra het nie, terwyl die regering 'n bedrag van £6 000 vir advertensies begroot het. *De Volksstem* het ook nie langs enige ander weg geld van die regering ontvang nie. Wanneer in aanmerking geneem word dat *De Volksstem* die koerant was wat die meeste deur die burgers gelees is en daarom die grootste aanspraak kon maak op die opdragte van die regering vir die bekendmaking van amptelike sake en advertensies, dan sou niemand met erns kon aanvoer dat die bedrag van £340 betaal is vir slaafse onderdanigheid aan die regering nie.²⁹³

Volgens Engelenburg het 'n sekere Wijnand Maré selfs sover gegaan om te beweer dat Engelenburg gekant was teen sy kandidatuur as lid van die Eerste Volksraad en alles in sy vermoë sou doen om alle opposisieleden uit die Volksraad te hou; waarom anders was daar £6 000, waarvan Engelenburg se koerant “een lekker hapje krijgt”, op die regering se begroting

²⁸⁸ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 10.09.1892.

²⁸⁹ Die advertensies waarna Engelenburg verwys was amptelike kennisgewings van die regering.

²⁹⁰ Anon., “Een ramp voor de Hollanders”, *Land en Volk*, 17.11.1892.

²⁹¹ F.V. Engelenburg, “Praatjes van den dag”, *De Volksstem*, 22.11.1892.

²⁹² F.V. Engelenburg, “Praatjes van den dag”, *De Volksstem*, 22.11.1892.

²⁹³ F.V. Engelenburg, “Praatjes van den dag”, *De Volksstem*, 22.11.1892.

geplaas²⁹⁴ om die regering te verdedig?²⁹⁵ Engelenburg het dit ontken dat *De Volksstem* alle opposisieledes uit die Eerste Volksraad wou hou. Intendeel, dié koerant het meermale opposisieledes gesteun wanneer dit geblyk het dat dit in belang van die land sou wees.²⁹⁶ Die kennisgewings wat die regering in *De Volksstem* laat plaas het, het ook nie outomaties gebeur nie. Engelenburg moes 'n kontrak aangaan. So het hy byvoorbeeld twee jaar tevore een Saterdag per brief 'n afspraak met dr. Leyds gemaak om hom kwart oor twaalf daardie middag te spreek oor die advertensiekwessie. Saam met die brief het hy die volgende gedig aan Leyds gestuur:

O doktor, wil toch niet vergeten
Hoezeer men op de Volksstem zweet;
Er is geen geld om van te eten
Zoodat men thans 't papier opeet!

Daarom, o doktor, zet uw hand
Onder 't contract dat ik u laatst zond,
Gij redt daardoor ons uit den brand;
Geloofd zal zijn uw naam in 't rond! E.²⁹⁷

President Paul Kruger het met 'n sterk vyandige pers te doen gehad wat geen geleentheid verby laat gaan het om hom persoonlik aan te val of om met hom die spot te dryf nie.²⁹⁸ 'n Belangwekkende vraag in verband met die persstryd in die ZAR was of die Kruger-regering 'n gedeelte van die pers geldelik ondersteun het, soos deur die opposisiepers beweer is. Dit was wel so dat regeringskennisgewings in *De Volksstem* geplaas is.²⁹⁹ In *De Volksstem* het dit gewoonlik 'n hele bladsy beslaan. Beskuldigings dat die regering met behulp van die kennisgewings

²⁹⁴ NASA, Pretoria, ZAR, vol. 9, Eerste en Tweede Volksraadsnotules 1892, p. 279, Artikel 856, 20.07.1892.

²⁹⁵ F.V. Engelenburg, "De heer Wijnand W. Maré en 'De Volksstem'", *De Volksstem*, 22.11.1892.

²⁹⁶ F.V. Engelenburg, "De heer Wijnand W. Maré en 'De Volksstem'", *De Volksstem*, 22.11.1892.

²⁹⁷ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 24.05.1890.

²⁹⁸ Anon., "Krugers ambtenaren", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Een staats financier", *Land en Volk*, 02.02.1892.

²⁹⁹ "Procklamatie door Zhed. den Staatspresident", *De Volksstem*, 31.07.1890; "Gouvernements kennisgeving no. 95", *De Volksstem*, 17.05.1893; "Gouvernements kennisgeving no. 140, Regulatiën van en voor het Centraal kinderpokken-comité te Johannesburg", *De Volksstem*, 27.06.1893; "Gouvernements kennisgeving no. 206, Voorstel van antwoord der Commissie, zooals aangenomen en goedgekeurd door den E. Achtb. Eersten Volksraad onder art. 935 der Notulen van 29 Juli 1893", *De Volksstem*, 19.08.1893.

koerante omgekoop het, is met minagting verwerp.³⁰⁰ President Kruger het dit jammer gevind dat sommige koerante waarin regeringskennisgewings geplaas is, soms onwaarhede oor die regering geskryf het. Dit het hom nie gepla indien koerante teen hom as persoon was nie, solank hulle net die staat sou verdedig.³⁰¹

Soos reeds uiteengesit, was daar in die 1890's drie politieke groeperinge in die ZAR. Daar was die groep wat Kruger ondersteun het en dié wat Piet Joubert gesteun het. Die derde groep was die Engelse groepering, gevorm deur die meeste Uitlanders en 'n klompie mense wat ontevrede was met die Kruger-Leyds-regering en dit verander wou hê, selfs ten koste van Transvaal se onafhanklikheid.³⁰² Om meer stemme vir die 1893-verkiesing te werf, het generaal Piet Joubert toenadering tot hierdie derde groepering gesoek. Engelenburg was nie met die toenaderingspogings van Joubert tot die Uitlanders gediend nie,³⁰³ en het gemeen dat dit 'n ramp sou wees indien Joubert die verkiesing sou wen. Hy het die publiek gewaarsku dat die Engelse koerante en 'n groot deel van die Engelse gemeenskap die kandidatuur van Joubert gesteun het net om Kruger uit die kussings te lig en dit moontlik te maak om 'n minder nasionaalgesinde president verkies te kry – nie omdat hulle gedink het dat hy soveel verligter of bekwamer was nie, maar juis omdat hulle geweet het dat hy swakker as Kruger was. 'n Swakker president sou die onafhanklikheid van die Republiek verswak.³⁰⁴ Engelenburg was van mening dat die verkiesing van die kommandant-generaal tot staatspresident 'n ramp sou wees, nie alleen vir die ZAR nie, maar vir die hele Suid-Afrika.³⁰⁵ Hy het ook gewaarsku dat die buitelandse geldskieters paniekerig sou word indien Kruger nie weer verkies word nie en die moontlikheid kon bestaan dat hulle hul geld sou onttrek. Die handhawing en vooruitgang van die ZAR se staatskrediet was nou verbonde met die aanbly van Kruger as hoof van die staat.³⁰⁶

³⁰⁰ NASA, Pretoria, ZAR, vol. 9, Eerste en Tweede Volksraadsnotules 1892, p. 278. Artikel 855, 20.07.1892.

³⁰¹ NASA, Pretoria, ZAR, vol. 9, Eerste en Tweede Volksraadsnotules 1892, p. 278. Artikel 855, 20.07.1892.

³⁰² Redaksionele kommentaar, "Nog meer Amerikanisme!", *De Volksstem*, 01.11.1892.

³⁰³ Redaksionele kommentaar, "Nog meer Amerikanisme!", *De Volksstem*, 01.11.1892.

³⁰⁴ Redaksionele kommentaar, "Politieke aangelegenheden III", *De Volksstem*, 26.11.1892.

³⁰⁵ Redaksionele kommentaar, "Een ramp voor Zuid-Afrika", *De Volksstem*, 15.11.1892.

³⁰⁶ Redaksionele kommentaar, "Politieke aangelegenheden IV", *De Volksstem*, 29.11.1892.

Kort voor die presidentsverkiesing is 'n manifest deur die Joubert-komitee uitgevaardig³⁰⁷ waarin beledigende insinuasies oor die Kruger-verkiesingskomitee gemaak is en is Engelenburg by name genoem en in 'n slegte lig gestel.³⁰⁸ Engelenburg het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat die manifest deur net een persoon onderteken is, naamlik deur H. Lofthouse,³⁰⁹ 'n prokureur van Pretoria, met die gevolg dat Engelenburg hom versoek het om hom binne 24 uur om verskoning te vra.

Ik word reeds lang in openbare geskrifte voortdurend beleedigd maar heb daar nooit veel om gegeven omdat de beleedigers ver beneden mij stonden.³¹⁰

Volgens H.C. de Kock, 'n latere joernalis by *De Volksstem*, het Lofthouse geweier om verskoning te vra omdat, soos hy beweer het, hy nie die enigste persoon was wat die manifest onderteken het nie. Die hele saak was vir Engelenburg 'n belediging. Omdat iemand van gelyke stand en sosiale posisie hom beledig het, het hy besluit om nie die saak daar te laat nie en volgens 'n Europese gewoonte het hy Lofthouse uitgedaag tot 'n tweegeveg.³¹¹ Hy het twee van sy vriende, dr. Van Hilaar, 'n advokaat, en L.G. Vorstman, 'n bankier, gevra om as sy sekondante op te tree.³¹² Die Republikeinse reg van die tyd het so 'n uitdaging as 'n ernstige vergryp beskou, min of meer gelykstaande aan manslag.³¹³ Die resultaat was dat Lofthouse die uitdaging beantwoord het deur 'n klag by die openbare aanklaer te lê, waarop Engelenburg gearresteer is. Hy is verhoor en skuldig bevind en 'n aantal jare gevangenisstraf opgelê. Hy het egter dadelik kennis van appêl gegee.³¹⁴ Intussen is president Kruger genader met die dringende versoek om tussenbeide te tree. Die gevolg was dat die appêl nooit gedien het nie en dat Engelenburg tot sy dood 'n

³⁰⁷ Die manifest kon nie deur skrywer opgespoor word nie. Engelenburg het wel daarna verwys.

³⁰⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 16.01.1893.

³⁰⁹ Herbert Lofthouse was 'n prokureur en notaris van Pretoria.

³¹⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 16.01.1893.

³¹¹ H.C. de Kock, "Frans Vredenryk Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 21-22.

³¹² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 16.01.1893.

³¹³ H.C. de Kock, "Frans Vredenryk Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 21-22.

³¹⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 16.01.1893.

onbekragtigde, en daarom onuitgediende, vonnis teen hom gehad het. Die “vergryp” was immers ter wille van die goeie saak!³¹⁵

Tydens die presidentsverkiesing van 1893 het Engelenburg nie daaraan getwyfel dat Kruger die verkiesing sou wen nie, maar het gemeen dat Kruger baie verbeteringe in die landsake sou moes aanbring.

Immers zoosals nu de zaken gaan, kan het moeilijk langer duren ...³¹⁶ Er is nog veel te doen aan de politieke opvoeding van ons volk.³¹⁷

Engelenburg was van mening dat die Afrikaner geneig was om die persoon aan te hang van wie hy gehou het, eerder as om die verskillende politieke insigte te bestudeer en daarvolgens te stem.³¹⁸ Leyds, aan die ander kant, was bekommerd oor die uitslag van die verkiesing en het aan die Transvaalse gesant in Nederland, Beelaerts van Blokland, geskryf dat die Kruger-komitee ongeveer niks gedoen het nie.³¹⁹ Dit was 'n onregverdigde stelling, want Engelenburg het alles in sy vermoë gedoen om deur middel van *De Volksstem* kiesers te help werf vir die kandidatuur van Kruger. Ook mev. Leyds was bekommerd en het op 10 Februarie 1893 in haar dagboek geskryf:

Ik ben ter neer geslagen door de Presidents-verkiezingen. Het ziet er maar lelik uit. Joubert gaat elken dag vooruit.³²⁰

Die politieke stryd het toe wel in 'n oorwinning vir Kruger en sy regering geëindig. Kruger het generaal Joubert met 7 854 teen 7 009 stemme verslaan en vir die derde keer die presidentskap aanvaar.³²¹ Weldra sou die verkiesing van 'n kommandant-generaal ook plaasvind en dan die verkiesing van Volksraadslede.³²² Die 1893-verkiesing was vir Kruger die moeilikste wat hy ooit

³¹⁵ H.C. de Kock, “Frans Vredenryk Engelenburg (1863-1938)” in I. Wallach (red.), *Die volmaakte ‘gentleman’*, pp. 21-22.

³¹⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 11.02.1893.

³¹⁷ Redaksionele kommentaar, “Verdraagsaamheid”, *De Volksstem*, 21.01.1893.

³¹⁸ Redaksionele kommentaar, “Verdraagsaamheid”, *De Volksstem*, 21.01.1893.

³¹⁹ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 45, W.J. Leyds – G.J.Th. Beelaerts van Blokland, 12.02.1893.

³²⁰ NASA, Pretoria, LA, vol. 251, afskrif van dagboekinskrywing van mev. Leyds op 10.02.1893.

³²¹ S.J.P. Kruger (F. Rempel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan HC. Bredell en Piet Grobler*, p. 134.

³²² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 25.10.1894.

op politieke terrein deurgemaak het. Hy is byna verslaan. Ná die verkiesing het die moontlikheid bestaan dat die regering Engelenburg sou vra om deel uit te maak van 'n kommissie om die stemme na te gaan.³²³ Hy het egter daarteen opgesien en het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat alles wat met die regering in verband staan, hom huiwerig gemaak het. Deur sommige mense is hy reeds gelukgewens as die aangewese opvolger van dr. Krause, die staatsprokureur!³²⁴

Die 1893-presidentsverkiesing was 'n vuurdoop vir Engelenburg wat die politiek betref. Hy het wel deeglik kennis geneem van tot watter uiterstes die groepe sou gaan om hulle kandidaat die verkiesing te laat wen. Deur in die middel van die politieke geveg te staan, en nie op 'n afstand na hulle te kyk nie, het hy die mentaliteit van die Republikeinse Afrikaners leer ken.

Engelenburg oor dorpsbeplanning

Engelenburg het dit wel vir 'n ruk oorweeg om hom vir die pos van staatsprokureur beskikbaar te stel en het probeer om die regering te oortuig dat hulle geen beter man as hy sou vind nie.³²⁵ Hy het dit beskou as 'n honde-halsbandjie en was dit nie dat hy dit as 'n brug na 'n hoër pos beskou het nie, sou hy glad nie eers daaraan gedink het nie.³²⁶ Engelenburg het wel reeds in die middel van die verkiesingstryd ook sin daarin gehad om die joernalistiek vir 'n konsulaatskap te verruil. Al was hy die hoofredakteur van *De Volksstem*, een van die mees gerekende koerante in Transvaal in daardie jare, was hy steeds 'n gewone werknemer wat teen 'n salaris vir 'n maatskappy gewerk het. Dit was dus nie verbasend dat hy ander opsies ook oorweeg het om in die lewe vooruit te gaan nie. Aan Marie Koopmans-De Wet het hy geskryf dat

al lijkt het misschien 'parmantig' om zich zoo iets in het hoofd te zetten wanneer men nog niet eens dertig jaar oud is, zoo heb ik zelfvertrouwen genoeg om te gelooven dat ik het

³²³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 24.02.1893.

³²⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 24.02.1893.

³²⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.05.1893.

³²⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.05.1893.

minstens evengoed gedaan zou hebben als menig oudere. Bovendien, om vooruit te komen moet men niet al te bescheiden wezen, dat zie ik elken dag hier om mij heen.³²⁷

Die versoeking om die joernalistiek te verruil vir 'n ander pos, het later gewyk. Engelenburg het erken dat Marie Koopmans-De Wet 'n sleutelrol gespeel het om sy suksesvolle aanpassing in die land moontlik te maak. Dit het vir hom duidelik geword dat die koerantwese sy loopbaan sou bly.³²⁸ Met die viering van *De Volksstem* se twintigste bestaansjaar drie maande ná die afhandeling van die 1893-verkiesing het die koerantpersoneel aan Engelenburg 'n “souvenir” as blyk van waardering oorhandig saam met 'n oorhandigingsboodskap waarin hulle die wens uitgespreek het dat *De Volksstem* steeds in bloei sou toeneem en dat Engelenburg nog baie jare aan die koerant verbonde sou bly. Hulle het Engelenburg geprys as iemand wat dit goed gemeen het met die Republiek.³²⁹ Volgens die aantal personeellede wat die oorhandigingsboodskap onderteken het, was daar in 1893, buiten Engelenburg, 11 blanke werkers aan *De Volksstem* en die drukkerij verbonde, naamlik F.P. Montsteen, D. Douma, N.C. Mulder, J.C. Tusan, K. Schmidt, H. Oosterbroek jr., J. Brouwer, A. Oosterbroek, N.D. v.d. Reyden, J. Badenhorst en S. Zagt.³³⁰

Op sy beurt het Engelenburg op die koerant se verjaardag op 8 Augustus 1893 geskryf dat *De Volksstem* die enigste persorgaan in die ZAR was waarvan die geskiedenis nog gewortel het in 'n afgeslote tydperk van die geskiedenis van die Transvaalse volk. Dit was 'n nuusblad wat vasgehou het aan die rotsharde kern van die nasie. Engelenburg het *De Volksstem* vergelyk met 'n skip waarvan die sigbare gedeelte beskeie van omvang was, met geen hoë maste en groot seile nie, maar waarvan die romp onder die wateroppervlak breed en stewig was. Sulke skepe kantel nie maklik nie en kon swaar storms trotseer.³³¹ Hy het as hoofredakteur 'n sterk etiese kode

³²⁷ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 04.07.1892.

³²⁸ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 05.10.1892.

³²⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Oorhandigingsboodskap aan F.V. Engelenburg tydens *De Volksstem* se 20ste bestaansjaar, 08.08.1893.

³³⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Oorhandigingsboodskap aan F.V. Engelenburg tydens *De Volksstem* se 20ste bestaansjaar, 08.08.1893.

³³¹ F.V. Engelenburg, “Feesnummer 8 Augustus 1873-1893”, *De Volksstem*, 08.08.1893.

gehandhaaf en het homself vergelyk met 'n geneesheer en 'n bankbestuurder. Die dokter ken sy pasiënte se liggame en die bankier die geldelike stand van die bewoners in sy dorp. Die redakteur wat sy vak verstaan, ken die geaardheid van die politiek en die maatskaplike organisasie vir wie hy werk. Hy kan die polsslag voel, die balans opmaak van die organisasie omdat hy baie weet van wat om hom omgaan in die plek of in die land waarin hy woon. Maar ewemin as wat die bankbestuurder of geneesheer in die openbaar hard kan uitroep dat iemand geldelik of liggaamlik ongesond is, ewemin mag 'n koerantredakteur misbruik maak van die inligting waaroor hy beskik.³³²

Engelenburg het heelwat tyd in president Kruger se teenwoordigheid deurgebring, asook met sy Nederlandse vriende wat staatsposte beklee het. Dit is dus waarskynlik dat hy oor baie binne-inligting beskik het. Sy grootste bekommernis in die laaste dekade van die negentiende eeu was die feit dat die ZAR-regering sy finansies swak bestuur het. Engelenburg het telkens slegs een middel ter verbetering aan die hand gegee, naamlik die aanstelling van bekwamer persone. Behalwe kritiek op die Volksraad en die uitvoerende mag, het Engelenburg die finansiële beleid van die regering ten sterkste veroordeel en dit gebrekkig genoem. Dit is algemeen aanvaar dat die ZAR uitgeroei is deur die toenmalige leiers van die departement van finansies. Jaarliks het duisende ponde verlore gegaan, nie soseer weens wanbestuur, gebrekkige beheer en opsetlike kwaadwilligheid nie, maar deur 'n gebrek aan insig, finansiële talent en ambisie by die amptenare aan wie die volk sy geldsake toevertrou het.³³³

Engelenburg het in Nederland opgegroeï waar die stede eeue oud was en uitstekende dorpsbesture gehad het. Uit ondervinding kon hy dus 'n goeie vergelyking maak tussen die Nederlandse stede en Pretoria. Hy het veel te sê gehad oor die feit dat Pretoria, die hoofstad van Transvaal, swak bestuur is. Die dorp het vinnig uitgebrei en sou beter beplan moes word. Hy het daarop gewys dat namate Pretoria in siele- en huisgetalle toegeneem het, die beskeie dorp spoedig sou aangroei tot 'n groot stad. Die stadsvaders sou in vele opsigte nie meer kon volstaan met 'n eenvoudige dorpsadministrasie nie, maar sou moes soek na 'n bestuurstelsel wat sou pas by

³³² F.V. Engelenburg, "Feesnummer 8 Augustus 1873-1893", *De Volksstem*, 08.08.1893.

³³³ Redaksionele kommentaar, "Gebrekkig finansiële bestuur", *De Volksstem*, 18.08.1894.

'n groot, moderne stad – die “nieu-Pretoria”.³³⁴ Grond in die stadsgebied sou later skaars word en huise en winkels sou noodwendig dig opmekaar en in die lug in gebou word.³³⁵ Daar sou ook geen tussenruimte tussen die geboue wees nie en een enkele onversigtigheid met 'n vuurhoutjie kon voldoende wees om die grootste deel van Pretoria in puin te lê. Mense sou nie verbied kon word om vuurhoutjies te gebruik nie en ook nie om geboue teenaan mekaar te bou nie, maar wat die publiek wel kon doen, was om hulle ten volle voor te berei op die gevaar van moontlike brande en betyds planne op te stel om brande te bestry of te voorkom. Hy het gemeen dat stedelinge oor die algemeen onnadenkend was en daar sou dus nie van hulle verwag kon word om uit eie beweging hulle teen brand te beskerm nie. Engelenburg het merkwaardige voorstelle gemaak dat rampbestuur vir Pretoria ingestel word. In vele opsigte was hy sy tyd ver vooruit, soos wat ook hier geblyk het die geval was. Hy het gemeen dat daar van owerheidsweë reëls en regulasies opgestel moes word ten behoeve van die veiligheid van huis en haard en selfs dat 'n behoorlike veiligheidsdiens georganiseer moes word wat oor 'n volledige brandbeheer- en brandbestrydingstelsel beskik. Hy het na die paar brandspuitjies agter die Landdroshof verwys en gesê dat dit gans en al onvoldoende sou wees vir die veiligheidsdiens van “nieu-Pretoria”, wat vir sy hoë geboue ook hoogreikende waterpompe en brandlere sou vereis.³³⁶

Engelenburg se vrees vir brand was nie ongegrond nie, soos hy wel deeglik kort voor sy beplande reis na Europa in 1893 sou sien. Op 19 September was hy nog in Pretoria en het daardie aand omstreeks agtuur sy kantoor verlaat. Toe die bestuurder van die drukkerij, meneer Van Borselen, die oggend van 20 September vroeg ingekom het, het hy 'n ongewone rookdamp uit die rigting van Engelenburg se kantoor gesien opstyg. Hy het onmiddellik ondersoek gaan instel en toe hy die deur oopgemaak het, het die vlamme opgeslaan. Aangesien die kantoor van alle kante toe was, het die brand, waarskynlik weens 'n gebrek aan suurstof, die hele tyd net gesmeul, anders sou die hele gebou afgebrand het. Die skryftafel met alles daarop – onder andere papiere en boeke – het die prooi van die vlamme geword. In die vloer is 'n groot gat gebrand waardeur die tafel naderhand gestort het. Die hele kantoor het 'n verskroeiende voorkoms gehad en

³³⁴ Redaksionele kommentaar, “I Pretoria in de asch gelegd!”, *De Volksstem*, 23.01.1890.

³³⁵ Redaksionele kommentaar, “I Pretoria in de asch gelegd!”, *De Volksstem*, 23.01.1890.

³³⁶ Redaksionele kommentaar, “I Pretoria in de asch gelegd!”, *De Volksstem*, 23.01.1890.

was versengend warm. 'n Stapel boeke en papiere in die een hoek van die vertrek het wonderbaarlik onbeskadig gebly. Die oorsaak kon nie met sekerheid bepaal word nie en was moontlik veroorsaak deur die argelose weggooi van 'n brandende “lucifer”³³⁷ of van 'n brandende kers.³³⁸ Gelukkig was die skade betreklik gering. Sowel die geboue as die meubels was verseker. Wat Engelenburg reeds in 1893 bepleit het, het eers in 1902, ná afloop van die Anglo-Boereoorlog, 'n werklikheid geword. Die Pretoriase Brandweer is in 1902 gestig. Die brandweerstasie was op die hoek van Schubart- en Minnaarstraat en die brandweermanne is met perdewaens vervoer na waar 'n brand uitgebreek het.³³⁹

Engelenburg in Europa

Reeds voor die brand in Engelenburg se kantoor ontstaan het, het hy die behoefte gevoel aan 'n lang afwesigheid, weg van die werk. Hy het die vorige paar maande tydens die presidentsverkiesing geweldig hard gewerk³⁴⁰ en het volgens hom die laaste tyd veel “verdrietige dinge” van verskillende aard beleef. Hy het geglo dat 'n reis hom goed sou doen.³⁴¹ Een van die verdrietige dinge was dat Engelenburg kort tevore 'n brief van sy vader ontvang het wat hom “diep bedroefd maakte”. Die man was met sy huidige vrou ewemin gelukkig as met sy eerste en het miserabel gevoel.

Groote hemel, wat een opeenvolging van ellende, nietwaar?³⁴²

Engelenburg se halfbroer, Frits, was toe nog nie drie jaar oud nie. Indien die omstandighede dit sou toelaat, wou Engelenburg na Europa reis. Van Kaapstad wou hy langs die ooskus noordwaarts, via Italië waar sy vader in daardie stadium was, na Nederland gaan en dan oor

³³⁷ Vuurhoutjie. Volgens die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* word “lucifer” beskryf as “meestal houten stokjes, waarvan het eene uiteinde van een stof is voorzien, die door wrijving over een ruwe of een op bepaalde wijze geprepareerde oppervlakte gemakkelijk ontbrandt”. Kyk M.J. Heinsius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche Taal, Achtste deel, Tweede stuk*, p. 3194.

³³⁸ Anon., “Eene nauwe ontkoming”, *De Volksstem*, 20.09.1893.

³³⁹ S.P. Engelbrecht, J.A.I. Agar-Hamilton, A.N. Pelzer en H.P.H. Behrens (reds.), *Eeufees-album: Pretoria se eerste eeu in beeld*, p. 78.

³⁴⁰ Die presidentsverkiesing was toe pas afgeloop.

³⁴¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 22.07.1893.

³⁴² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 24.02.1893.